

## Hoofstuk 6

### Individuele transnasionale belewenisse met Wolfgang Wehrmeyer as die hooffiguur

#### Nuwe identiteit van Duitse immigrante, 'n transnasionaliteit

##### Inleiding

Tydens die immigrasie van een gemeenskap na 'n ander vind daar 'n transformasieproses plaas, 'n tweede sosialiseringproses. Deur die immigrant se nuwe lewensomstandighede, subjektiewe belewenisse en 'n nuwe selfposisionering vind 'n nuwe identiteitskonstellasie in sy wese plaas. Die immigrant moet binne 'n nuwe kulturele omgewing, geografiese gebied, klimaatstoestande en politieke milieu aanpas. Aan die een kant wil die immigrant sy eie kultuur behou, maar aan die ander kant word hy gedwing om te integreer met nuwe gewoontes. Met die agtergrond van sy eie kulturele verwysingsraamwerk en sy nuwe omstandighede, skep hy 'n nuwe bestaanswerklikheid.<sup>1</sup> Immigrante wil nie hul nasionale identiteit verloor nie en daarom poog hulle om transkultureel te word, maar in die proses verkry hulle tog 'n transnasionaliteit.<sup>2</sup> Transnasionaliteit sluit in oorvleuelde, vervlegde, verstrengelde en meervoudige identiteite.<sup>3</sup>

Volgens die empiriese analise het 72% van die Duitse immigrante aangedui dat hulle Duitse huwelikmaats gehad het en in totaal het 79% aangedui dat hul huiskultuur Duits was. Hiervolgens het die Duitse immigrante na die oorlog nie volledig in die Suid-Afrikaans kultuursamelewing geïntegreer of geassimileer nie en was dus meer transnasionaal. Van die groep het 16% met Afrikaanstalige vroue getrou en 5% met Engelstalige vroue. Intieme verhoudings met die inheemse bevolking was onder die Apartheidsstelsel verbode. Sulke onwettige verhoudings het waarskynlik plaasgevind soos Wolfgang Wehrmeyer vertel het, maar dit moes geheim gehou word. Wehrmeyer het vertel dat een van sy mede-Duitse immigrante tydens sy verblyf te Mafeking in 1955 belangstelling getoon het in 'n dogter van 'n Indiër winkeleienaar. Die polisie het hom gewaarsku om nie die vrou te besoek nie. Twee weke na die insident het die Duitse immigrant weer vir die vrou gaan kuier. Die

---

<sup>1</sup> M.K. Ruokonen-Engler, "Unsichtbare Migration?" *Transnationale Positionierungen finnischer Migrantinnen: Eine Biographieanalytische Studie*, p. 20.

<sup>2</sup> Kyk D. Hoerder, "Losing national identity or gaining transcultural competence": Changing approaches in migration history.", in H.G. Haupt & J. Kocka (eds.) *Comparative and transnational history*, (Berghahn Books, New York, 2009), p. 258.

<sup>3</sup> Kyk D. Hoerder, "Losing national identity or gaining transcultural competence.": Changing approaches in migration history.", in H.G. Haupt & J. Koch (eds.) *Comparative and transnational history*, p. 256.

polisie het hom dadelik gevange geneem en hy is na Duitsland gedeporteer.<sup>4</sup> Naas die dominante Europese rasse, die Afrikaners en Engelse, was die Duitsers in Suid-Afrika die grootste minderheidsgroep. Die Duitse immigrante in die stede soos Pretoria, Johannesburg en Kaapstad en die Duitse enklaves soos by Kroondal, Piet Retief en Hermannsburg in KwaZulu-Natal, het parallelle sosiale strukture gehad, soos Duitse skole, kerke, klubs en transnasionale organisasies waaraan hulle kon deelneem. Dit is ondersteun deur die Apartheidsfilosofie wat die bewaring van etnisiteit vooropgestel het, naamlik dat elke volk homself in sy eie kultuur en op eie grond en woongebied selfstandig moes maak so ver moontlik. Die bogenoemde omstandighede het veroorsaak dat die Duitsers in 'n besondere simbiotiese verhouding met die ander kultuurgroepe sou saamleef.

Simbiose beteken dat twee lewendige dinge, as individuele identiteite met eie doelwitte en rede vir bestaan, só saamwerk dat beide voordele verkry uit hul simbiotiese wisselwerking. Die Duitse immigrante het 'n nuwe lewensruimte benodig en het hul vaardighede en kennis saam na Suid-Afrika gebring. In Suid-Afrika was daar natuurlike hulpbronne, soos yster en steenkool. Deur die minerale uit die aarde te myn en te proses kon voertuie (Yskor en die motorvervaardigers soos BMW) en brandstof (Sasol) vervaardig word. In plaas daarvan dat die inwoners van Suid-Afrika per voet van punt A tot B moes gaan, kon hulle nou gerieflik en vinnig, oor langer afstande, van punt A tot B beweeg. Dit is 'n eenvoudige vergelyking, maar politieke besluitnemers vind dit soms moeilik om in te sien dat dit beter is om liever 'n sekere soort vaardige immigrant na 'n land te lok, as 'n immigrant wat 'n las is vir die samelewing waarheen hy immigrer. Duitse immigrante het in simbiose met ander kulturele groeperings in Suid-Afrika geleef. Die fokus van hierdie studie is egter nie op hierdie simbiotiese verhoudings nie, maar op transnasionisme en transnasionaliteit. Wanneer daar verwys word na 'n simbiose met ander kultuurgroepe sal dit terloops wees. Hierdie tema is 'n moontlikheid vir verdere studie.

## **Integrasie, assimilasie en akkulturasie**

Integrasie is die proses om in te skakel en 'n persoon te bring op 'n gelyke vlak en in 'n onbeperkte assosiasie in 'n gemeenskap.<sup>5</sup> Assimilasie vind plaas wanneer 'n persoon of persone die sosiologiese en sielkundige eienskappe van 'n ander groep aanneem.<sup>6</sup> Die vraag is hoe het die Duitse immigrante gereageer op die druk om te integreer en om geassimileer te word.


---

<sup>4</sup> WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (54), Kroonstad, 1987.02.01, (NF01, CD: W-20).

<sup>5</sup> M.S. Lary, *et al.*, (eds.), *The American Heritage Dictionary of the English Language*, (Houghton Mifflin Harcourt Publishing Company, Boston, 2013), <http://www.thefreedictionary.com/integration>, geraadpleeg 2014.09.23.

<sup>6</sup> W. Hirsch, 'Assimilation as concept and process', in *Social Forces* 21 (1), (Oct 1942-May 1943), (Oxford University Press), <http://jstor.org/stable/2570428>, geraadpleeg 2015.12.16.

Prof. H.A.W. Verleger was 'n eerste generasie Duitse immigrant. Hy het in 1949 geïmmigreer en is opgeneem in die gemeenskap van Pretoria en in die Afrikanerleierkorps. Hy is aangestel as professor by die Universiteit van Pretoria en het tennis gespeel saam met adv. J.G. Strydom, later premier van Suid-Afrika. Hy het vinnig geleer om Afrikaans te praat en het in samewerking met dr. L.A. Prinsloo die eerste boek oor kernfisika in Afrikaans gedruk, as deel van 'n reeks werke oor fisika. Sy vrou Elizabeth, het nooit leer Engels praat nie en selfs haar Afrikaans was gebroke tot aan die einde van haar lewe op 96-jarige ouderdom.<sup>7</sup>



**Figuur 49: Prof H.A.W. Verleger met doktrale studente aan die Universiteit Pretoria<sup>8</sup>**

Prof Verleger wou nooit sy Duitse burgerskap opgee nie. Op die vraag waarom, het hy geantwoord: “Ek het Suid-Afrika gedien in die akademie en my twee dogters vir die land gegee.” Sy oudste dogter, Ursula was vriende met Lothar Neethling-Tietz, een van die 1948-weeskinders. Haar vader het nie omgee toe sy met 'n Afrikaner jongman, Fanie Spies, 'n mediese dokter, wou trou nie en het hom in die familie verwelkom. Vir Verleger en sy vrou was dit nie moontlik nie om 'n gevorderde

<sup>7</sup> WPA, MO (4B), U. Spies, gebore Verleger, (78), Groenkloof, Pretoria, 2014.08.06, (NF79, CD: X-22).

<sup>8</sup> WPA, Departement van Fisika, Universiteit van Pretoria, (Brosjyre), (s.n. Pretoria, 2000), p. 3.

transnasionaliteit te beleef nie. Hy was immers reeds 41-jaar oud toe hy geïmmigreer het en sy vormings- en aanpassingsjare was verby.<sup>9</sup>

Duitse immigrante moes aan die een kant aanpas om 'n suksesvolle bestaan te kon maak, maar aan die ander kant wou hulle hul kultuur behou. Hulle het sommige nuwe gewoontes en gebruike van die plaaslike kulture geïntegreer met hul eie verwysingsraamwerk om 'n nuwe bestaanswerklikheid te skep.<sup>10</sup> Klaus Vaqué het toe hy in 1974 na Suid-Afrika geïmmigreer het, reeds oor 'n transnasionaliteit besit omdat hy net voor sy immigrasie, vir 16 jaar in Denemarke gewoon en 'n eie besigheid besit het. Daar het hy vlot Deens leer praat. Hy het met sy aankoms in Suid-Afrika vasgestel dat Pretoria *die Stadt der Buren* is, en dat, as hy suksesvol in Pretoria besigheid wou doen, hy Afrikaans moes leer praat. Hy het dadelik ingeskryf vir 'n beginnerskursus in Afrikaans en sommer begin meng met ander Duitsers wat op die kursus was.<sup>11</sup>

Vaqué meen dat hy wel verander het oor die jare in Suid-Afrika. Hy het van die positiewe gewoontes van die inwoners aangeneem en deel van homself gemaak. Hy meen Suid-Afrikaners en veral Afrikaners is baie rustiger, hofliker en vriendeliker as Duitsers. In Duitsland is die mense meer kompetierend. Wanneer hulle in 'n bus klim stamp en stoot hulle mekaar om eerste in te klim. Suid-Afrikaners is hoflik en die een sal terugstaan vir die ander. Suid-Afrikaners is vriendelik en het altyd vir mekaar tyd. Vaqué is van die opinie dat die sonskyn die mense vriendeliker maak. Die nat, reënerige, bewolkte Duitse weer veroorsaak dat Duitsers geneig is om bot en depressief te raak. Vaqué sê dat hy beslis vriendeliker en hofliker geword het in Suid-Afrika.<sup>12</sup> Wat kos betref, eet die Vaqués oor die algemeen soos die Suid-Afrikaners, maar hulle hou van Duitse kos en sal dit graag koop as hulle dit in die hande kan kry. Hy sê Duitse kosse het in die laaste paar jaar meer geredelik beskikbaar geword in Suid-Afrika.<sup>13</sup> Osterhoff het opgemerk dat mense in Suid-Afrika baie tee drink omdat dit so warm is en hulle dors wil les. Dis goedkoop en word met melk gedrink om die sterk bitter smaak van die tee weg te neem. In Duitsland is dit vreemd om tee met melk te drink.<sup>14</sup>

Inge Müller wat saam met haar familie in 1954 na Suid-Afrika immigrer het, het 'n Duitse kontemporêre gebruik aan die Volks-Duitsers in Pretoria oorgedra. Sy vertel toe haar dogter Katrin in 1959 na die Duitse Skool Pretoria toe moes gaan, het niemand in die Duitse skool die *Zuckertüten*, die Suikerkegel geken nie. In Duitsland word dit ook soms die *Ostertüte* genoem. Dit is die gebruik in Duitsland dat kinders so 'n groot Suikerkegel kry van hul ouers op hul eerste skooldag. Dit is gevul met

<sup>9</sup> WPA, MO (4B), U. Spies, gebore Verleger, (78), Groenkloof, Pretoria, 2014.08.06, (NF79, CD: X-22).

<sup>10</sup> M.K. Ruokonen-Engeler, "*Unsichtbare Migration?*" *Transnationale Positionierungen finnischer Migrantinnen: Eine Biographieanalytische Studie*, p. 20.

<sup>11</sup> K.D. Vaqué, *An der Hand Gottes...von Pommern nach Südafrika*, (Varama Publishers, Pretoria, 2004), p. 116.

<sup>12</sup> WPA, MO (2B), K.D. Vaqué, (74), Esqueria, Pretoria, 2014.09.18, (NF45, CD: Z-12).

<sup>13</sup> WPA, MO (2B), K.D. Vaqué, (74), Esqueria, Pretoria, 2014.09.18, (NF45, CD: Z-12).

<sup>14</sup> D.R. Osterhoff, *Memoiren*, (s.n. Pretoria, 2010), p. 93.

lekkergoed en help om die trane op te droog. Toe Müller se seun, Horst in 1964 skool toe moes gaan, het Inge die skoolleiers vertel van die gebruik en daar is besluit om een van die klasse te vra om sulke *Zuckertüten* te maak. Dan sou dit aan die nuwe kinders gegee word op hul eerste skooldag. Toe haar derde kind, Klaus in 1966 skool toe gegaan het, was dit so te sê alreeds 'n tradisie by die Duitse skool in Pretoria.<sup>15</sup> Hierdie is die oordra van 'n gebruik uit die Reich-Duitsers se kultuur aan die Volks-Duitse kultuur in Suid-Afrika.



**Figuur 50: Wolfgang en sy broer, Wilfried-Helmut, met hulle *Zuckertüten*, ca. 1939**<sup>16</sup>

Tydens 'n onderhoud met Dorchen Heidemann het sy Duitsland met Suid-Afrika vergelyk. In Duitsland was die mense baie bewus van hul klas en bang om iets te doen wat ander mense op hulle sou laat neersien. Heidemann was op besoek in Duitsland en wou een oggend die melk by die voordeur gaan haal. Sy het 'n eenvoudige, gemaklike hemp en broek aangehad, maar die dame by wie sy gebly het, het gesê dat dit nie betaamlik was om so aan te trek nie. "Wat sou die bure sê

<sup>15</sup> Anon., *Festschrift zum 100-jährigen Bestehen der Deutsche Schule Pretoria 1899-1999*, (s.n. Pretoria, 1999), p.78.

<sup>16</sup> WPA, Foto's: W.H. Wehrmeyer-fotoversameling.

as hulle jou só daar sien?” In Suid-Afrika het sy met Duitsers en Suid-Afrikaners uit al die vlakke van die samelewing te doen gehad, maar in Suid-Afrika maak dit geen verskil of jy ryk of arm, belangrik of onbelangrik is nie. Volgens Heidemann word mens in Suid-Afrika as persoon na waarde geskat, nie dit wat jy besit nie. In Duitsland moet mens altyd wys wat jy het. Vir Heidemann was die groot ruimtes van Suid-Afrika van groot waarde, veral die Karoo en Groot Karoo. Lüneberg, waar Heidemann grootgeword het, was vir haar mooi, maar sy het verkies om eerder in Suid-Afrika te woon.<sup>17</sup> Heidemann mis die kulturele lewe wat daar voor 1994 in Suid-Afrika beskikbaar was, veral die teater, maar gelukkig het internasionale televisiekanale in Suid-Afrika beskikbaar geraak en kan sy na die Duitse TV-kanaal, Deutcom, kyk.<sup>18</sup> Moderne kommunikasie-tegnologie maak dit vir Heidemann moontlik om in Suid-Afrika te woon en ’n Duits-Suid-Afrikaanse transnasionaliteit te hê. Sy geniet Duitse televisie in haar huis en die Suid-Afrikaanse natuur en klimaat buite haar huis.

Martin Frische was ’n Duitse immigrant wat in 1974 na Suid-Afrika geïmmigreer het. Hy was ’n opgeleide predikant wat aan die St Chrischona Teologiese skool in Switserland gestudeer het en het werk gevind by die internasionale Transwêreld Radiostasie, se Duitse uitsaaidiens, *Evangeliums Rundfunk* (ERF). Frische se opdrag was om die Duitse Christelike radio onder die Duitse gemeenskap te bevorder. Daarvoor moes Frische die inhoud van die uitsendings so aanpas dat dit betekenisvol en verstaanbaar vir die Duitse gehoor sou wees. Vir hierdie doel het hy navorsing gedoen oor *Evangeliums Rundfunk* se teikengehoor en het hy verskeie Duitse gemeenskappe en kerklike gemeentes in Suid-Afrika besoek. Baie Duitsers in Suid-Afrika was afstammelingen van koloniste en sendelinge, wat reeds so lank as ses geslagte in Suid-Afrika was en wat ook nie meer Duitse burgerskap besit het nie, hoewel hulle nog Duits gepraat het. Volgens Frische se skatting was daar in die periode 1970 tot 1990 tussen 100 000 en 200 000 Duitssprekendes in Suid-Afrika. In die 1970’s was daar in die Johannesburg-gebied ongeveer 40 000 Duitssprekendes en in Hillbrow alleen 20 000.<sup>19</sup> Martin Frische was van mening dat die fokus op die etnisiteit van die Apartheidstelsel die Duitse gemeenskap geïsoleer het, veral in die voormalige KwaZulu-Natal en Transvaal, soveel so dat die Duitsers merendeels onder mekaar getrou het. Ná 1994 het die Duitse gemeenskap hulself meer oopgestel na buite en het meer gemengde huwelike tussen hulle en Afrikaans- en Engelssprekendes voorgekom. ’n Egte Duitse kultuur het verwater. Die drie Frische-kindere het ook hierdie omwenteling ervaar. Toe die onderhoud gevoer is, was die oudste seun getroud met ’n Duitse meisie, die dogter met ’n Engelstalige man en die derde was verloof aan ’n Switserse meisie. Wanneer daar ’n familie-byeenkoms was en die Engelse skoonseun was teenwoordig, is daar Engels gepraat.<sup>20</sup> Hierdie is ’n

---

<sup>17</sup> WPA, MO (2B), D. Heidemann, (76), Fairland, Johannesburg, 2012.12.08, (NF34, slegs notas).

<sup>18</sup> WPA, MO (2B), D. Heidemann, (76), Fairland, Johannesburg, 2012.12.08, (NF34, slegs notas).

<sup>19</sup> WPA, MO (2B), M, Frische, (62), Garsfontein, Pretoria, 2012.04.30, (NF36, CD: T-6).

<sup>20</sup> WPA, MO (2B), M, Frische, (62), Garsfontein, Pretoria, 2012.04.30, (NF36, CD: T-6).

voorbeeld van die transnasionaleiteit in tale wat Duitse immigrante na Suid-Afrika ervaar het.

Die Duitse immigrante het 'n nuwe aangepaste identiteit gevorm en terwyl die nuwe omgewing hulle beïnvloed het, het hulle ook terselfdertyd die mense om hulle beïnvloed. Dr. Ulrich Bantz wat in hoë kringe in die Suid-Afrikaanse Geologiese gemeenskap beweeg het, vertel dat hy dikwels Afrikaners aangespreek het oor hul ideologiese sienings teenoor die inheemse bevolking en dat die situasie van 'n Apartheidsmilieu nie verewig sou kon bestaan nie. Bantz voel dat hy sommige van hierdie mense tot nadenke kon stem en hul gesindheid daardeur verander het.<sup>21</sup>

Helmut Stäcker het as Duitse immigrant na die oorlog na Kroondal naby Rustenburg gekom. Hy het niks gehad nie. Met ywer het hy begin werk, met 'n Duitse vrou getrou en 'n leier in die gemeenskap geword. Hy het 'n plaas gekoop en dit *Steinfurt* gedoop, na sy *heimat*-dorp in Duitsland. Stäcker het hom beywer vir die *Deutschtum* in Suid-Afrika en het bande met Duitsland gesmee, veral op die gebied van landbou ontwikkeling. As gevolg hiervan is hy met die hoogste erkenning vereer deur die Duitse regering, die *Verdienstkreuz*-medalje. Deur landboustudente in Duitsland uit te nooi om hul studies voort te sit in Suid-Afrika, het Helmut Stäcker transnasionale bevorder. Hy het dit verder gedoen deur landbouwetenskaplikes in Duitsland en Suid-Afrika met mekaar in kontak te bring en so 'n transnasionale netwerk te skep tussen Duitsland en Suid-Afrika.<sup>22</sup>

Dieter Osterhoff wou homself aanvanklik nie veel aan sy Duitse landsgenote in Suid-Afrika steur toe hy in 1956 in Suid-Afrika aangekom het nie. Volgens Osterhoff was baie van die Volks-Duitsers nog bewonderaars van Keiser Wilhelm, ander was egte Nazi's en daarvan het hy genoeg gehad. Osterhoff reken in dié tyd was daar omtrent 15 000 Duitsers in Pretoria. In 'n brief wat hy aan sy familie en vriende in Duitsland geskryf het, het hy vertel dat hy op 'n betrokke Sondag in die kerk was. Hy het die kerkdiens geniet en dit was vir hom soos om by die huis te wees, maar hy was glad nie begeester om met sy eie landgenote kennis te maak nie.<sup>23</sup> Later in sy lewe het hy wél sy mening verander en noue kontak met ander Duitse immigrante en ook sy professionele kollegas in Duitsland en die res van die wêreld gehad. Osterhoff was op die hoogtepunt van sy akademiese lewe een van die voorste spesialiste op sy vakgebied en 'n gereelde gas by internasionale konferensies. Hy was onder andere ook beste vriende met Lothar Neethling<sup>24</sup> en Gerhard Freiherr von Ketelhodt, twee prominente Duitse immigrante in die Suid-Afrikaanse en Duitse samelewing en het ook die *Freunde des Deutschen Osten* per geleentheid besoek.<sup>25</sup>

---

<sup>21</sup> WPA, MO (3B), H.U. Bantz, (75), Roodepoort, 2014.08.10, (NF64, CD: Z-7).

<sup>22</sup> WPA, MO (2B), H. Stäcker, (85), Brauhaus am Dam, Rustenburg, 2013.12.01, (NF47, CD: W-17).

<sup>23</sup> D.R. Osterhoff, *Memoiren*, (s.n. Pretoria, 2010), p. 93.

<sup>24</sup> WPA, MO (3B), J. Neethling, (79), Alphen Park, Pretoria, 2014.07.13, (NF75, CD: Z-1).

<sup>25</sup> WPA, H.W. Wehrmeyer, My herinneringe en aantekeninge oor die verlede en hede, p. 30.

Lothar Neethling (geb. Tietz) was een die 1948-weeskinders wat na Suid-Afrika gebring is. Hy moes op 'n baie jong ouderdom na sy broer en suster omsien en was altyd beskermend teenoor hulle en ander. Dit het 'n lewenspatroon vir hom geword. Hy het altyd gesorg dat almal genoeg kos gekry het, ook op funksies.<sup>26</sup> Die hongersnood wat hy ervaar het in Duitsland, het hom sensitief gemaak vir ander se behoeftes. Hierdie besorgdheid en omgee vir mense het 'n blywende invloed gehad op sy werksomstandighede in die polisie diens, waar hy as generaal en hoof van die forensiese departement gedien het. Hy het hierdie positiewe gesindheid oorgedra aan die ander rasse in die polisie diens, vertel sy vrou, Juliet Neethling.<sup>27</sup> Dit het Neethling gehelp om suksesvol te integreer in die heterogene samestelling van die Suid-Afrikaanse polisie diens.

Akkulturasie is noodsaaklik vir enige immigrant om te kan kommunikeer en om sy alledaagse uitdagings te bestuur. Die vraag is egter waar is die grense van integrasie om te verhoed dat 'n mens sy eie kultuur en identiteit verloor. Dit kan geargumenteer word dat omdat daar in Suid-Afrika nie een dominerende kultuur is nie, dit die proses van akkulturasie aansienlike verstadig, wat 'n klimaat skep vir die behoud van verskillende kulture naas mekaar. Dit mag wees dat die fokus op etnisiteit gedurende Apartheid 'n bydrae kon lewer in die behoud van Duitsers se identiteit in Suid-Afrika. Hierteenoor het die vooruitgang van die tegnologie en Westerse ideale tot 'n groot mate die dominerende kultuur en 'n bedreiging vir inheemse kulture wêreldwyd geword. Die gevolg is 'n afgewaterde identiteit, wat te siene is wanneer mens sommige Duitse immigrante se huise betree. Dedekind se observasie is dat die huise van die jonger generasie Duitse afstammelingen bestaan uit meubels en toebehore volgens die ideale van die globaliserende kultuur tendense. Die kultuur waarin hulle gebore is, word minder in die meubelsmake gereflekteer.

Hierdie tendens was ook toenemend gesien in die keuse van name – name uit ander kulture as die Duitse kultuur.<sup>28</sup> Naamgewing aan kinders is 'n aspek van die behoud van Duitse identiteit. Onder omstandighede van transnasionaliteit vind daar mutasies in tradisie van naamgewing plaas. Lothar Neethling het sy eerste seun, wat in 1960 gebore is, sy aanneem-pa se naam gegee, naamlik Christiaan en sy tweede naam, Paul, die van sy eie vader Paul Tietz.<sup>29</sup> Wolfgang Wehrmeyer het sy oudste seun, gebore in 1961, Hermann Wilfried Wehrmeyer genoem. “Hermann”, die naam van sy vader en “Wilfried”, na sy broer. Hermann-Wilfried se noemnaam was Wilfried en sy familie spreek hom ook so aan, maar vanaf sy hoërskool jare het hy die naam “Hermann” gebruik omdat Suid-Afrikaners “Wilfried” op die Engelse wyse uitspreek. Wolfgang se broer, Wilfried Helmut, het sy dogter, wat in 1960 gebore is, Margitta, genoem, na aanleiding van Wolfgang se vrou se naam, Marieta. Margitta is die

---

<sup>26</sup> A. Jordaan, *Lothar Neethling: 'n Lewe vertel*, (Paarl Media, Paarl, 2013), p. 4.

<sup>27</sup> WPA, J. Neethling, (79), Alphen Park, Pretoria, 2014.07.13, (NF75, CD: Z-1).

<sup>28</sup> H. Dedekind, Design as a stabilising force: An exploration of the visual rhetoric of objects in a South African German community with reference to narrative and cultural identity, (M.A. Universiteit of Pretoria, Pretoria 2012), p. 23.

<sup>29</sup> A. Jordaan, *Lothar Neethling: 'n Lewe vertel*, p. 42.

Duitse variant van Marieta. So is transnasionale verbindings tussende twee gesinne met die volgende geslag gesluit.<sup>30</sup>

Wolfgang Wehrmeyer se tweede seun is “Peter” genoem, die Duitse vorm van Petrus, naam van die vader van Wolfgang se vrou, Marieta. Sy volle name was Jakobus Petrus Goosen. Die derde seun is Marius genoem omdat dit vir die familie ’n mooi naam was en die jongste is Johann genoem, die manlike vorm van die naam van Marieta se jonger suster, Johanna. Johann was een van die name van Wolfgang se oupa aan vaderskant, Johann Bernard Heinrich Wehrmeyer (1863-1945).<sup>31</sup>

Hermann Wilfried het sy oudste seun Wolfgang Dieter genoem, die naam van sy vader. Eintlik sou hy Wolfgang Heinrich genoem word, maar Hermann Wilfried se vrou, wat Engelssprekend is, se moeder, kon die naam “Heinrich” glad nie uitspreek nie en dit is toe verander na Dieter. Hermann Wilfried se tweede seun is genoem Vincent Hermann. Die naam Vincent was die keuse van die moeder, Ella, en Hermann verwys na sy vader, sy oupa Wolfgang Hermann en sy grootoupa, Hermann (1903-1963). Met die naam “Vincent” is wegbeweeg van ’n tradisionele Duitse naam en dit dui op vermenging, integrasie en assimilasie.<sup>32</sup>

Lore Ramakers het in haar huislike omstandighede ’n transkulturele, transnasionale ervaring gehad. In die era voor 1994 was dit die gebruik dat die meeste Europeërs inheemse huisbediendes gehad het. Ramakers het ’n vrou in diens geneem om vir haar in die huis te werk. Die persoon was bang vir hoogtes en so moes Ramakers maar self die hoë mure was. Daar is ook nie onder die kaste skoongemaak nie en toe Ramakers die dame gevra het om die venters te was, wou die dame ekstra geld daarvoor hê, omdat dit ’n ander werk was. Ramakers se mening was dat sy die dame vir ’n dag se werk betaal het en dat sy die werk moes doen wat van haar verwag is. Die inheemse Suid-Afrikaanse mense was nie tydgeoriënteerd soos die Duitsers nie. Take of projekte het ’n individuele waarde vir die inheemse bevolking gehad. Die feit dat mens vir tyd betaal word en in die betrokke tydperiode enige taak opgelê kan word, was moeilik vir die inheemse mense om te verstaan. Dat mens dan nog ekstra vir ander take moet betaal, was weer vir die Duitse immigrante moeilik om te begryp. Van toe af en tot op die ouderdom van 88 jaar het Ramakers self al die huiswerk gedoen. Ramakers voel dat Europeërs nie altyd in daardie tyd menswaardig opgetree het nie. Dit was byvoorbeeld die geval wanneer mens in ’n ry moes staan en een groep (ras) voorgetrek en eerste bedien word. Ramakers het haar gemeenskap gedien en vanaf 1983 tot 2011 “Voluntary Aid Service” by die Kopanong Hospitaal te Vereeniging gelewer en tog op hierdie wyse ’n manier gevind om met die gemeenskap te integreer.<sup>33</sup>

---

<sup>30</sup> WPA, H.W. Wehrmeyer, My herinneringe en aantekeninge oor die verlede en hede, p. 30.

<sup>31</sup> WPA, H.W. Wehrmeyer, Wehrdienst-Ehrendienst, Erinnerungen an meine Dienstzeit, Hermann Wehrmeyer 1903-1963, (Ongepubliseerde memories, Pretoria, 2014), p. 35.

<sup>32</sup> WPA, H.W. Wehrmeyer, My herinneringe en aantekeninge oor die verlede en hede, p. 30.

<sup>33</sup> WPA, MO (2B), L. Ramakers, (88), Drie riviere, Vereniging, 2012.03.15 (NF29, CD: V-7,8).

Sommige Duitse immigrante het dit moeilik gevind om aan te pas in Suid-Afrika en het besluit om terug te keer, wat soms egskeidings veroorsaak het. Adolf Helmer se eerste vrou, wat saam met hom uit Duitsland gekom het, was nie gelukkig in Suid-Afrika nie. Hulle is geskei en sy is terug Duitsland toe.<sup>34</sup> Leo Graf von Lüttichau se vrou het ook na Duitsland teruggekeer en van hom geskei. Sy kon nie aanpas in Suid-Afrika nie.<sup>35</sup> Die spesifieke redes waarom die dames terug is, is nie deur die respondente verskaf nie. Gerda Meyer vertel dat daar baie Duitsers kom werk het by die vliegtuigkorporasie Atlas, waar sy as aankoper gewerk het. Baie van hulle kon ook nie aanpas nie en is terug Duitsland toe. Gerda Meyer was van mening dat die rede waarom baie Duitse immigrante nie in Suid-Afrika kon aanpas nie, was omdat die sosiale omstandighede anders was in Suid-Afrika. In Duitsland woon en leef mense dig teen mekaar. Daar is 'n baie sterk groepsdruk om aan sekere norme te voldoen. As mens nie aan die norme voldoen nie weet die hele gemeenskap daarvan. In Suid-Afrika leef mens verspreid van mekaar en rus daar 'n groter individuele verantwoordelikheid op mense om sy eie waardes en eie keuses uit te oefen. Gerda Meyer vertel dat die Duitsers met wie sy by die Atlas Korporasie te doen gehad het in die 1970's en 1980's, gereeld na partytjies uitgenooi is. Daar het dinge handuit geruk en familieprobleme het ontstaan, soveel so dat van die Duitse immigrante liever weer teruggekeer het na Duitsland.<sup>36</sup>

## Sosiale ruimtes

Transnasionaal ontwikkel in transnasionale sosiale ruimtes. Immigrante in die diaspora vorm blywende verbindings met die *heimat*.<sup>37</sup> Om die transnasionale sosiale ruimtes van die Duitse immigrante te ondersoek, word na individuele gevalle gekyk en daarna word 'n analise en gevolgtrekking gemaak. Transnasionale vind plaas binne transnasionale sosiale ruimtes. Met transnasionale ruimtes word bedoel die relatiewe stabiele, permanente en digte stelle verhoudings van soewereine state oor die grense heen. Transnasionale sosiale ruimtes bestaan uit kombinasies van bindinge en verhoudings en die inhoud daarvan, posisies in netwerke en organisasies en die netwerke van organisasies wat te kry is in ten minste twee geografiese en internasionaal kenmerkende plekke.<sup>38</sup>

Duitse immigrante verwys dikwels na hul *heimat*. Vir hulle het die woord 'n besondere betekenis. Dit verwys na die tuisland vir Duitsers. Die terme sluit in die idee van "to be in the state of mind", 'n diep innerlike verbintenis wat 'n mens het met

---

<sup>34</sup> WPA, MO (1B), A.E. Helmers, (78), Centurion, 2011.08.06, (NF14, CD: X-13 &14).

<sup>35</sup> L.W.T. Graf von Lüttichau, *Ein Leben zwischen Europa und Afrika*, (Jetline e.com, Pretoria), pp. 151-154.

<sup>36</sup> WPA, MO (3B), G. Meyer, (74), Thabela Gastehuis, Pretoria-Noord, 2014.03.23, (NF74, CD: X-21).

<sup>37</sup> T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, (Polity Press, Cambridge, 2013), p. 17.

<sup>38</sup> T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 54.

sy geboorteland.<sup>39</sup> Vir die gemiddelde Duitser is die woord *heimat* met emosie belaa. Duitsers uit die oosgebiede het nie net hul besittings en eiendom verloor nie, maar ook hul vaderland, hul *heimat*. Met die vernietiging en okkupasie van Danzig, ook Kolberg waar Klaus Vaqué vandaan moes vlug,<sup>40</sup> het een persoon sy ervaring soos volg beskryf:

Vir ons was Danzig alles, ons was verbind tot die stad met elke greintjie van ons wese. Vir ons was dit asof ons lewens uitgeblus word terwyl ons toe kyk hoe die stad weg sink in 'n vlammezee. Ons het hulpeloos toegekyk.<sup>41</sup> Die *heimat* is meer as net 'n abstrakte konsep. Dit is 'n vaderland wat 'n duisend menings van ervarings en emosies saamdra. Dit is 'n tuiste, die bekende plekke van die immigrant se jeug, 'n vroeër getroude lewe en vir party hul hele lewe. Dit impliseer die grootste deel van 'n mens se besittings, basiese noodsaaklike goedjies, al is dit net 'n speelding, 'n boek, 'n musiekinstrument of kunsvoorwerp of iets wat geërf is. 'n Bekende landskap en omgewing. Meer belangrik – familie en vriende, mense wat jy kon vertrou, wat jou verstaan het en wat jy intiem geken het. Waardevolle dinge, sigbaar en onsigbaar, dinge wat nooit weer werklik vervang kan word nie en wat mens met verlange en heimwee vul.<sup>42</sup> Gisela Kahler, wat uit Stettin kom, 'n stad wat vandag deel is van Pole, het op 87-jarige ouderdom steeds 'n diepe heimwee na haar *heimat* gehad en voel na al die jare nog steeds soos 'n verdryfde. Sy het die vriendskapsbande van haar jeug behou en deur haar hele lewe met hulle gekorrespondeer, veral met Annemarie Koch.<sup>43</sup>

---

<sup>39</sup> H. Dedekind, Design as a stabilising force: An exploration of the visual rhetoric of objects in a South African German community with reference to narrative and cultural identity, p. 3.

<sup>40</sup> WPA, MO (2B), K.D. Vaqué, (74), Esqueria, Pretoria, 2014.09.18, (NF45, CD: Z-12).

<sup>41</sup> C. Nordbruch, *Bleeding Germany dry*, (Contact Publishers, Pretoria, 2003), p. 14.

<sup>42</sup> C. Nordbruch, *Bleeding Germany dry*, pp. 14-15.

<sup>43</sup> WPA, MO (2B), G. Kahler, (87), Garsfontein, Pretoria, 2012.10.18, (NF26, CD: V-18).



**Figuur 51: Die von Henningberg's se huis in Stettin in 2008, tydens Gisela Kahler se besoek<sup>44</sup>**



**Figuur 52: Die "nuwe" Poolse inwoners van die von Henningberg's se huis in Stettin<sup>45</sup>**

Sy het ook na die normalisering van verhoudinge tussen Duitsland en Pole, Stettin besoek, selfs die huis waar sy woon het, en die Poolse inwoners ontmoet. Al het Kahler in Suid-Afrika gewoon, het sy in haar denkwêreld transnasionaal geleef, met haar *heimat* altyd in die agtergrond teenwoordig.<sup>46</sup>

<sup>44</sup> WPA, Foto's: G. Kahler foto-versameling.

<sup>45</sup> WPA, Foto's: G. Kahler foto-versameling.

<sup>46</sup> WPA, MO (2B), G. Kahler, (87), Garsfontein, Pretoria, 2012.10.18, (NF26, CD: V-18).

Dorchen Heidemann het as weeskind uit Pruise gekom. Sy was soos baie ander Duitsers weer terug vir 'n besoek aan haar tuisdorp en die huis waarin sy gewoon het. Toe sy in die huis gewoon het, het dit 'n groot groentetuin en vrugteboord gehad. Die vrugteboord was nie meer daar nie. Daar waar die boord was, was net gras. Sy het gesukkel om te kommunikeer met die nuwe Poolse familie en gevolglik was die *heimat* nie meer heeltemal *heimat* vir haar nie.<sup>47</sup>

Sosiale bande verteenwoordig 'n selfonderhoudende, aaneenlopende reeks aktiwiteite en praktyke tussen ten minste twee individue. Dit manifesteer in sosiale interaksies tussen die deelnemers, byvoorbeeld deur besoeke van die immigrant aan sy familie in sy land van herkoms of in telefoongesprekke met kollegas oorsee. Die kleinste analitiese eenheid in die sosiale ruimte is sosiale verhoudinge.<sup>48</sup> Sosiale ruimtes is gevul met verwantskapsgrense, assosiasie, netwerke van persone en organisasie en gemeenskappe wat geleë is in mikro-dinamiese persoonlike bindinge en die makro-dinamiese grootskaalse sosiale formasies. Mens vind veral onder die eerste generasie oor grense heen sterk geformaliseerde bande tussen klein groepe soos familie en die verlengde familie.<sup>49</sup>

Transnasionale etniese streeksvolksroepe (kinship) openbaar dikwels 'n sterk gevoel van samehorigheid.<sup>50</sup> Volgens 'n Volkstelling van 1950 in Duitsland, is gevind dat daar van die *Sudetendeutschen Heimatvertriebenen* 1200 immigrante na Suid-Afrika gekom het.<sup>51</sup> In sy biografie vertel Erich Leistner dat hy 'n voordragaand in 1963, van die *Deutsch-Sudentenbundes der Universität Pretoria*, bygewoon het.<sup>52</sup> Hierdie is 'n aanduiding van 'n samehorigheidsbeginsel. 'n Klein groepie Sudetenland studente in Suid-Afrika het uitdrukking gegee aan die samehorigheidsgevoel deur 'n vereniging te stig waar hulle mekaar kon ontmoet.

Transnasionale kringe is stelle sosiale bande tussen persone en organisasies wat bronne uitruil met die idee om 'n gemeenskaplike doel te bereik, byvoorbeeld die uitruil van inligting en dienste.

Linkage patterns may concatenate into advocacy networks, business networks or science networks.<sup>53</sup>

Vaqué was voordurend in verbinding met Duitsland en het sy *heimat* dikwels besoek. Hy het ook oorsese Duitsers in Suid-Afrika as gaste ontvang. Hy het baie Duitse vriende in Suid-Afrika, maar op die ouderdom van 74, het hy vertel, het die meeste in

<sup>47</sup> WPA, MO (2B), D. Heidemann, (76), Fairland, Johannesburg, 2012.12.08, (NF34, slegs notas).

<sup>48</sup> T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 54.

<sup>49</sup> T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 57.

<sup>50</sup> T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 58.

<sup>51</sup> WPA, Foto: Kaart: Die sudetendeutschen Heimatvertriebenen und ihre Aufnahmeländer, Verwysingslêer, Hoofstuk 4, p. 28, Volkstanzhalle, Heidelberg, Duitsland, 2012.05.01.

<sup>52</sup> WPA, E. Leistner, *Erinnerungen 1926-1913*, (Ongepubliseerde memoires, Pretoria, 2013), p. 45.

<sup>53</sup> T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 58.

Suid-Afrika al gesterf omdat hulle baie ouer as hy was. Vaqué se bevinding met sy besoeke in Duitsland was dat baie Duitsers op een of ander manier kontak met Suid-Afrika gehad het. Baie het 'n oom, tante of een of ander familielid in Suid-Afrika gehad, of het self vroeër vir 'n periode in Suid-Afrika gewoon. Vroeër het die gemeentes wat hy besoek het, hom gevra om hulle iets van Suid-Afrika te vertel, veral oor die politieke situasie in die land, maar na 1994 nie meer nie.<sup>54</sup>

Soms mag 'n gemarginaliseerde immigrant sy verbinding met sy land van herkoms hernu weens gebrek aan integrasie en assimilasie.<sup>55</sup> Mengelberg het gesukkel om te integreer in Suid-Afrika. Hy was ongelukkig in sy werk as telekommunikasie-ingenieur by Telkom, waar hy gevoel het die bestuur wou nie na sy voorstelle en raad luister nie. Hy het Afrikaners as geharde Calviniste beskou en met die inheemse bevolking kon hy glad nie klaarkom nie. As leier van die Duitse mannekoor kon hy fokus op sy eie Duitse gemeenskap. Hy het homself ook vereenselwig met die Nasionaal-sosialistiese gesindes. Ook was hy 'n gereelde bywoner van die jaarlikse *Volktrauertag*-byeenkoms, waar die ou Duitse vlae vertoon en eer aan die Duitse gevalle soldate gebring is.<sup>56</sup>

Prof Heinz Verleger het 'n uitgebreide transnasionale loopbaan gehad. Hy is gebore in 1908 in *Bingerbrück-am-Rhein* en het gestudeer aan die Universiteite van Würzburg, Frankfurt en Giessen. In 1930, op die ouderdom van 22, het hy sy eerste doktorsgraad verwerf. Hy was lektor aan die Universiteit van Berlyn en het in 1941 professor aan die Universiteit van Tübingen geword, waar hy was toe hy in Franse krygsgevangeneskap gegaan het aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog. In 1949 het hy en sy familie na Suid-Afrika geïmmigreer deur die bemiddeling van prof. Meiring Naudé, saam met wie hy voor die oorlog in Duitsland gestudeer het. Van 1951-1971 was hy aangestel as professor by die Universiteit van Pretoria, waar hy ook hoof van die Departement Fisika was. Hy was 'n wetenskaplike van internasionale aansien en in sy ampstyd is 87 meestersgrade en 25 doktrale grade toegestaan en was hy by die meeste persoonlik betrokke. Verleger het sy transnasionale verhouding met sy ou vriend van universiteitsdae, prof. H. Wilsdorf, wat eers Engeland toe en daarna na Virginia, die Verenigde State van Amerika, geïmmigreer het, behou. Prof. Wilsdorf het Suid-Afrika in 1967 besoek. Deur die jare het verskeie senior akademiese kernfisici besoek by prof. Verleger aan die Universiteit van Pretoria afgelê. Die paar besoeke wat hier genoem word dien slegs as voorbeelde van Verleger se omvangryke kontakte: professore, E.G. Bauer van Chlausthall – 1975; K. Dietrich van München -1976; en H. Appel van Karlsruhe – 1978.<sup>57</sup>


---

<sup>54</sup> WPA, MO (2B), K.D. Vaqué, (74), Esqueria, Pretoria, 2014.09.18, (NF45, CD: Z-12).

<sup>55</sup> T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational Migration*, p. 19.

<sup>56</sup> WPA, MO (1B), V. Mengelberg, (85), Valhalla, Pretoria, 2011.11.20, (NF21, CD: V-3).

<sup>57</sup> WPA, Departement van Fisika, Universiteit van Pretoria, (Brosjyre), (s.n. Pretoria, 2009), pp. 2-3.



**Figuur 53: Heinz Verleger se aanstelling as professor<sup>58</sup>**

Prof. Eric Friedland (gebore 1933), ook 'n Duitse immigrant wat vroeg ná die oorlog saam met sy ouers na Suid-Afrika geïmmigreer het, was een van Heinz Verleger se studente aan die Universiteit van Pretoria en sou later die werk van Verleger voortsit en tussen 1980 en 1998 die hoof van die Departement Fisika word.<sup>59</sup> Tydens 'n "Ion Beam"-konferensie by die Universiteit van die Witwatersrand in April 1988, het 'n

<sup>58</sup> WPA, Foto: U. Spies, gebore Verleger, foto-versameling.

<sup>59</sup> WPA, Departement van Fisika, (Brosjyre), Universiteit van Pretoria, Pretoria, p. 9.

groep besoekende wetenskaplikes ook die Universiteit van Pretoria besoek. Hulle was professore O. Meyer van Karlsruhe, S. Kalbitzer van Heidelberg, E. Taglauer, München en J.P. Biersach van Berlyn.<sup>60</sup>

’n Aspek van transnasionale wat New York se Jode en Italianers in die vroeë twintigste eeu gehad het, was dat hulle transnasionale familie en vriende behou het in hul lande van herkoms. Vir party was dit ’n algemene praktyk om grond en huise in hul land van herkoms te koop. Dit was nie net vir hulle ’n droom om eendag terug te keer nie, baie het dit ook gedoen.<sup>61</sup> Die ouers van Heidi Stobwasser, die Sauerbergs, het met hul aftrede na Duitsland teruggekeer. Klaus Vaqué,<sup>62</sup> Fred Brahmmer<sup>63</sup> en Klaus Leschner<sup>64</sup> het benewens hulle wonings in Suid-Afrika ook wonings in Duitsland besit en in veral gedurende die somermaande van Europa daarheen gegaan om vakansie te hou.

## Identiteit ten opsigte van taal

In Suid-Afrika was daar ná die Tweede Wêreldoorlog nog sterk Duitse gemeenskappe in die voormalige Natal en Transvaal waarby die nuwe Duitse immigrante kon aansluit. Hulle kon byvoorbeeld hul kinders na die Duitse skole stuur, die Duitse kerke besoek en by Duitse verenigings en klubs aansluit. Die Duitse gemeenskappe in Natal het uit verskeie groepe bestaan. Een van die sterker groepe was die Hermannsburgers naby Greytown wat hul Plat-Duitse dialek lank behou het.

Duitse radioprogramme wat uit Duitsland na Suid-Afrika gebring is, was soms moeilik vir die Suid-Afrikaanse Duitsers om te verstaan, omdat die programme te teoreties en abstrak was. Gevolglik was dit opmerklik dat Duits in Duitsland ook besig was om te verander. Die Suid-Afrikaanse Duitsers het nie die nuwe woorde in die Duitse taal geken nie. Daarom het *Evangeliums Rundfunk* gepoog om plaaslike Duitse pastore en sprekers te betrek en wanneer daar ’n Afrikaanse of Engelse woord ingesluit het, kon die Duitsers in Suid-Afrika dit ook verstaan. Martin Frische was van mening dat *Evangeliums Rundfunk* ’n groot rol in die Duitse gemeenskap gespeel het vanaf 1965 tot 1990, veral ten opsigte van die bevordering van Duits. *Evangeliums Rundfunk* het, in samewerking met ’n Suid-Afrikaanse Duitse onderwyseres, hoorspele ontwikkel met die doel om dit uit te saai, maar dit is ook in manuskripvorm aan skole beskikbaar gestel, wat dit gebruik het in hul skoolleerplanne.<sup>65</sup> Frische het opgemerk dat Duits in Suid-Afrika in ’n tipe Afrikaans-Engels ontwikkel het, met vermengde woorde en direkte terugvertalings in Duits, byvoorbeeld: *Ich habe heute Abend nichts an*. In Suid-Afrikaanse Duits word

---

<sup>60</sup> WPA, Departement van Fisika, (Brosjyre), Universiteit van Pretoria, p. 13.

<sup>61</sup> T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, pp. 48-49.

<sup>62</sup> WPA, MO (2B), K.D. Vaqué, (74), Esqueria, Pretoria, 2014.09.18, (NF45, CD: Z-12).

<sup>63</sup> WPA, MO (4B), F. Brahmmer, (85), Fairland, Randburg, 2015.03.22, (NF91, CD: Y-16).

<sup>64</sup> WPA, MO (3B), K. Leschner, (83), Fairland, Randburg, 2013.07.01, (NF58, CD: U-18).

<sup>65</sup> WPA, MO (2B), M. Frische, (62), Garsfontein, Pretoria, 2012.04.30, (NF36, CD: T-6).

hiermee verstaan “*ek het vanaand niks spesifiek te doen nie*”, maar in Duitsland sou mense hulle verwonder as hulle hoor “*Vanaand dra ek geen klere nie.*”<sup>66</sup>



**Figuur 54: Hella Pfannkuch**<sup>67</sup>

Hella Pfannkuch, ’n onderwyseres van beroep, wie se dogter, Irmgard Peeters, na Suid-Afrika geïmmigreer het, het gedurende 1960-1970 navorsing gedoen op die Duitse leerlinge en studente in Suid-Afrika. Sy het opgemerk dat jong Duits-Suid-Afrikaners in dié tyd met drie tale, naamlik Duits, Afrikaans en Engels grootgeword het en soms ook ’n vierde inheemse taal kon praat. Hulle was dikwels onseker oor hul Duits en het dan die spraakwyse van hul medestudente aangeneem, asook die begrip agter die woorde.

Pfannkuch vertel van ’n sekere dame wat verskoning gevra het by ’n Duitse pastoor. Sy kon nie ’n kerkbyeenkoms bywoon nie weens te veel werk by die huis.<sup>68</sup>

Sie glauben nicht, wie schlecht unser Ruf ist. Wir wollen ein geteiltes Badezimmer mit eingebildeten Schränken.<sup>69</sup>

<sup>66</sup> WPA, MO (2B), M. Frische, (62), Garsfontein, Pretoria, 2012.04.30, (NF36, CD: T-6).

<sup>67</sup> WPA, Foto: I. Peeters-fotoversameling.

<sup>68</sup> H. Pfannkuch, *Begegnungen, Missverständnisse, Parallelen, auf Deutschen Spuren durch Südafrika*, (Victoria Printers, Pretoria, 1978), p. 13.

<sup>69</sup> H. Pfannkuch, *Begegnungen, Missverständnisse, Parallelen, auf Deutschen Spuren durch Südafrika*, p. 14.

Die dame was nie 'n *verrufene*, 'n geroepe persoon nie. Sy gebruik die Engelse woord, "roof" direk in Duits, met verwysing na die "dak" van die huis. Hulle wou nie die badkamer verdeel nie – *teil* in Duits beteken, "verdeel", maar sy verwys na "teëls" wat in die badkamer aangebring moes word. Terselfdertyd moes 'n kas ingebou word, Duits *einbauen*, maar sy gebruik 'n verdraaide woord uit Engels, "to build in", *eingebildeten Schränken*.<sup>70</sup> Soms word onoffisieel na hierdie vermenging van Duits met Afrikaans en Engels as *Springbok-Deutsch*, 'n soort dialek, verwys.

Volgens H.I. Stielau, eertydse professor in Duits aan die Randse Afrikaanse Universiteit, was daar statisties 48 800 persone in Suid-Afrika wat Duits as moedertaal gepraat het in 1970. In die 1980's het daar redelike stabiele Duitse taaltoestande in Suid-Afrika geheers weens die gunstige omstandighede wat Duits as onderrigtaal in Duitse skole gehad het. Dit was ook as vak aangebied in baie Suid-Afrikaanse skole. Stielau het haar proefskrif oor die invloede van Afrikaans en Engels op die Duitse taal in Suid-Afrika en spesifiek Natal geskryf.<sup>71</sup>

Weens die hoë mate van die Duitse kultuur en taal wat behou is in die families van die Duitse immigrante ná 1945, het hierdie immigrant 'n groter transnasionaliteit behou en Duits as eerste taal, saam met 'n tweede taal, Afrikaans of Engels gepraat. Die effektiwiteit van taal- en kultuurvermenging op die nakomelinge van die immigrant is nie spesifiek ondersoek in hierdie studie nie. Uit die genealogiese gegewens van hulle kinders en 'n ontleding van familienaam, hetsy Afrikaanse of Engelse, is dit duidelik dat vermenging noodgedwonge in die volgende geslag plaasgevind het.

Hildegard, vrou van die Lutherse pastoor Horst Meyberg, uit Osnabrück, het in 1958 na Suid-Afrika geïmmigreer om onder die vaandel van die Hermannsbürger sendinggenootskap onder die Tswanas in die Wes-Transvaal te werk. Weens die veeltaligheid onder hulle kinders en dié se families, het sy 'n drietalige, *Lasst uns singen in der Weihnachtszeit*, kersliedere in Duits, Afrikaans en Engels, saamgestel en laat druk.<sup>72</sup> By 'n Kersfeesviering van die *Freunde des Deutschen Ostens* in ongeveer 2012, het sy die boek bekendgestel en te koop aangebied aan die groep Duitse immigrante. Die ongeveer 10 kopieë is opgeraap deur die aanwesiges. Dit het aangedui dat so 'n drietalige liedereboek in 'n behoefte voorsien het en dat Duitse immigrante en hul nakomelinge meertalig geword het en 'n transnasionale identiteit ontwikkel het.

---

<sup>70</sup> H. Pfannkuch, *Begegnungen, Missverständnisse, Parallelen, auf Deutschen Spuren durch Südafrika*, p. 14.

<sup>71</sup> H.I. Stielau, *Deutsche Sprache in Europa und Übersee. Berichte und Forschungen, Nataler Deutsch, Eine Dokumentation unter besonderer Berücksichtigung des englischen und afrikaanses Einfluss auf die deutsch Sprache in Natal*, (Franz Steiner Verlag GmbH, Wiesbaden, 1980), p. ix.

<sup>72</sup> H. Meyberg, *Lebenserinnerungen, Gedanke und Worte*, (s.n., Pretoria, 2012), p. 103.

## Slotsom

Die Duitse immigrante het hulself op sekere vlakke en op verskillende dieptes in die Suid-Afrikaanse samelewing laat integreer en assimileer. Sommige in 'n mindere mate, maar ander intensief, soos Hans Messner, 'n Oostenryker, wat op die eerste dag van sy aankoms in Pretoria 'n Afrikaanssprekende weduwee met drie kinders ontmoet het. Na ongeveer 'n jaar is hulle getroud. Hy het net vir Duitssprekende firmas in Pretoria gewerk en Afrikaans vlot leer praat, maar nie Engels nie. Hy het een eie dogter gehad saam met sy vrou, wat Duits op skool as vak geneem het. Sy is die enigste een van die vier kinders in die familie wat korrespondeer met familie in St Lofer, Oostenryk en 'n Duitse-Suid-Afrikaanse transnasionale besit.<sup>73</sup>

Duitse immigrante en in 'n meerdere mate hulle kinders, het akkulturasie beleef. Hulle eie Duitse kultuur is verwater en hulle het 'n Suid-Afrikaanse kultuur aangeneem. Dit is empiries waarneembaar in die naamgewing van hul kinders wat mettertyd wegbeweeg het van unieke Duitse name, na Afrikaanse of Engelse name.

Sosiale ruimtes sluit *heimat*-gebondenheid in, met familie, vriende en kollegas wat wêreldwyd woon, in 'n gevoel van samehörigheid. Duitse immigrante met die nodige finansiële vermoëns het 'n tweede woning in die *heimatland* aangeskaf. Met aftrede het hulle meer tyd beskikbaar gehad om tussen twee lande te pendel.

Betreffende identiteit ten opsigte van taal kon Duitse immigrante in die groter stede en Duitse enklaves, Duitse skole asook kerke besoek. Die meeste Duitse immigrante was tweetalig, groot getalle drietaling en sommige het selfs 'n vierde taal gepraat. Hierdie is bewyse van hul transnasionaleiteit en dat daar in die proses van akkulturasie ook taalvermenging plaasgevind het.

## Kwalitatiewe analises van transnasionaleiteit in 'n paar individuele gevalle

### Inleiding

In hierdie kwalitatiewe analise word verwys na sommige van die individuele Duitse immigrante se ervarings in 'n historiese konteks in samehang met transnasionaleiteit en transnasionalisme. Die eindresultaat is nie 'n eenvoudige gevolgtrekking nie, omdat dit mense is wat ter sprake is en dit aan hulle 'n komplekse beeld gee. Tog is daar gemenedelers wat hulle 'n unieke groep mense maak. Kontekstualisering van die Duitse immigrante is inherent in die biografieë verweef, of dit 'n lang of 'n kort biografie is. Wolfgang Wehrmeyer se biografiese skets is langer, omdat dit so as doel gestel is. Die eerste gedeelte van sy biografie is in hoofstuk 3 uiteengesit. Hier

---

<sup>73</sup> WPA, MO (5B), H. Messner, (77), Amandasig, Pretoria, 2015.08.16, (NF113, CD: Z-23).

word nou die laaste gedeelte van sy lewe bespreek, wat strek vanaf 1970 tot sy afsterwe in 2008.

In die 75 Duitse immigrant-respondente se analisegroepering was Wehrmeyer deel van die 16% Duitse immigrante-groep wat met Afrikaanssprekende persone getrou het. Na die 72% Duitse immigrante-groep wat met Duitse huweliksmaats na Suid-Afrika gekom het, was Wehrmeyer in die tweede grootste identifiseerbare groep. Die vraag is hoe het sy transnasionale sosiale ruimtes daarna uitgesien? In hoofstuk 3 is daar op hierdie transnasionale sosiale ruimtes van hom klem gelê tot ongeveer 1970. In hierdie hoofstuk word die laaste fase van sy lewe van nader ondersoek.

Die behoud van familie- en vriendskapsbande met mense wat nog in die emigrasieland leef, kan redelik stabiel wees oor 'n lang periode. Daar kan ook hoogtepunte en laagtepunte wees, afhangend van die individue se verskillende lewenssiklusse. Daar is gewoonlik 'n vermeerdering in transnasionale aktiwiteite, meer besoeke tussen die verskillende lande in die aftree-periode, terwyl die dood van 'n familielid oorsee kan lei tot die afskaling van transnasionale aktiwiteite by die betrokke immigrant. Die immigrant se finansiële posisie gedurende die verskillende fases van sy lewe vermeerder of verminder sy transnasionale aktiwiteite.<sup>74</sup> In die onderstaande afdeling sal die bostaande beginsel op 'n prosopografiese wyse ondersoek word in die lewens van nege respondente wat op 'n ewekansige manier gekies is, behalwe Wolfgang Wehrmeyer wat doelbewus ingesluit is. Vyf respondente kom oorspronklik uit Wes-Duitsland: Wolfgang Wehrmeyer, Adolf Helmers, Horst Meyberg, Hildegard Meyberg en Ursula Brenner; en drie uit die Oosgebiede: Gisela Kahler (gebore von Hennenberg), Fred Brahmer en Lothar Neethling (gebore Tietz).

## Wolfgang Wehrmeyer

Eers met Wehrmeyer se broer, Wilfried Helmut Wehrmeyer, sy vrou Gisela en dogter, Margitta, se eerste besoek aan Suid-Afrika in 1975, sou die transnasionale bande tussen die Wehrmeyers na 'n hoogtepunt beweeg. Wilfried se eerste vrou, Christel, is oorlede in Berlyn op 23 Mei 1969.<sup>75</sup> Margitta is in Berlyn gebore in 1960 en was in daardie stadium 15. Tydens hulle besoek aan Suid-Afrika het Margitta met Wolfgang se oudste seun, Hermann-Wilfried, die Hoërskool Kroonstad besoek en ook die Duitse klas, waar sy verwelkom is en met die klasonderwyseres Duits kon praat. Sy is ook gevra om vir die klas in Duits voor te lees.<sup>76</sup> Wilfried-Helmut se geskenk vir sy broer se oudste seun was 'n Beierse *Lederhose* en 'n boek, *1100*

---

<sup>74</sup> T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 63.

<sup>75</sup> WPA, H.W. Wehrmeyer, *Die Wehrmeyers*, Deel II, (Ongepubliseerde memoires, Pretoria, 2004), p.152.

<sup>76</sup> WPA, MO (4B), H.W. Wehrmeyer, (54), Capital Park, Pretoria, 2015.06.05, (NF95, slegs notas).

*Schale*. Die boek se tema het handel oor die geskiedenis van die dorp Schale in *Nordrhein-Westfalen*, waar die Wehrmeyers vandaan kom.<sup>77</sup>



**Figuur 55: Duitslandse Wehrmeyers en die Suid-Afrikaanse Wehrmeyers by Serfonteindam, naby Kroonstad in die Vrystaat, 1975. V.l.n.r., Gisela, Marius, Margitta en haar vader, Wilfried-Helmut, Wolfgang, Peter, Hermann-Wilfried, Marieta en op haar skoot, Johann<sup>78</sup>**

Wolfgang het sy Duitse gaste besienswaardighede gewys soos die militêre museum in Johannesburg. In 1975 was Wilfried-Helmut nog streng formeel en is 'n kerkpak en das aangetrek om die museum te besoek. Jare later, op Wolfgang se 70ste verjaarsdag in 2003, was Wilfried-Helmut so geïntegreer in die Suid-Afrikaanse modes, dat hy 'n wit kortmou hemp en kortbroek gedra het na die spesiale geleentheid, wat gehou is by 'n gastehuis in Bothaville.<sup>79</sup>

<sup>77</sup> WPA, MO (4B), H.W. Wehrmeyer, (54), Capital Park, Pretoria, 2015.06.05, (NF95, slegs notas).

<sup>78</sup> WPA, Foto: W.H. Wehrmeyer-fotoversameling.

<sup>79</sup> WPA, MO (4B), H.W. Wehrmeyer, (54), Capital Park, Pretoria, 2015.06.05, (NF95, slegs notas).



**Figuur 56: Wolfgang en Wilfried-Helmut Wehrmeyer by die Suid-Afrikaanse Museum vir Militêre Geskiedenis, te Johannesburg, 1975<sup>80</sup>**



**Figuur 57: Wilfried-Helmut Wehrmeyer en Wolfgang in gemaklike klere op Wolfgang se 70ste verjaarsdag te Bothaville, 2003<sup>81</sup>**

In 1984, met twee van sy seuns uit die huis, kon Wolfgang en sy vrou dit bekostig om vir die eerste keer in 30 jaar sy ou vaderland te besoek en om daar die

<sup>80</sup> WPA, Foto: M.M. Wehrmeyer-fotoversameling.

<sup>81</sup> WPA, Foto: M.M. Wehrmeyer-fotoversameling.

familiebande te hernu. Hy het ou plekke van betekenis en herinnering besoek. Eers het hy by sy broer in Stuttgart gekuier en toe is hulle saam per motor deur Oos-Duitsland na Berlyn (Duitsland was toe nog verdeel in twee lande). In Berlyn het hulle die huis waar hy grootgeword het, *Maulbeerenstraße, Staaken*, besoek. Verder het hulle Wolfgang se vader, Hermann Wehrmeyer (1903-1963) se graf in Charlottenburg en die Spandau-gevangenis, waar Rudolf Hess aangehou is, besoek.<sup>82</sup>



**Figuur 58:** Die grafsteen van Hermann Wehrmeyer (1903-1963) te Charlottenburg, Berlyn, 1984<sup>83</sup>

Tydens hul besoek aan Berlyn het hulle ook die *Brandenburg Tor* besoek – dit was nog voor die val van die Muur in 1989. Wolfgang het 'n diep begeerte gehad om weer sy moeder te sien en het gewonder of sy nog geleef het, maar weens die verbod van haar verhouding met haar man en seun Wilfried-Helmut, het sy verdwyn. Jare later, in 2014, het dit bekend geword dat sy in 1984 in Berlyn-

<sup>82</sup> WPA, MO (4B), H.W. Wehrmeyer, (54), Capital Park, Pretoria, 2015.06.05, (NF95, slegs notas).

<sup>83</sup> WPA, Foto: W.H. Wehrmeyer-fotoversameling.

Tiergarten gewoon het, nadat sy weer getroud is met Paul Zitzke. Elli Ida Zitzke (Wehrmeyer), gebore Hoyer, is op 26 Oktober 1992 oorlede.<sup>84</sup>



**Figuur 59: Wolfgang by die Brandenburg Tor – Brandenburg poort – 1984<sup>85</sup>**

Vanaf Berlyn het Wolfgang en sy reisgenote na Schale in *Nordrhein-Westfalen*, naby die Nederlandse grens en die geboortedorp van Wolfgang se vader, Hermann Wehrmeyer, gereis. Daar was 'n familiebyeenkoms gereël en so kon Wolfgang die hele Wehrmeyerfamilie – ooms, tantes, neefs, niggies en aangetroudes – ontmoet, wat hy in 1954 laas gesien het. Wolfgang het 'n hegte verhouding met sy Tante Minna, jonger suster van sy vader, gehad. Tante Minna was besonder lief vir Wolfgang en het deur die jare, tot aan die einde van haar lewe met hom gekorrespondeer.<sup>86</sup>

Ná 1986 het Wolfgang se broer tot en met Wolfgang se dood in 2008, Suid-Afrika besoek – ongeveer elke twee tot drie jaar, gewoonlik in Februarie wanneer dit somer in Suid-Afrika was en ook omdat Wilfried-Helmut dan sy verjaarsdag op 29 Februarie saam met sy broer kon vier. Wilfried-Helmut en sy vrou, Gisela was lief vir die plaas, Kromdraai-noord naby Bothaville, wat Wolfgang in 1990 gekoop het. Hulle het veral

<sup>84</sup> WPA, Lêer, Belangrike dokumente van Hermann Wehrmeyer, (1903-1963), Dokument: Abschrift aus Sterberegister (Sterbeurkunde Nr.1570, Berlin, 1992.11.02), von Elli Ida Zitzke, gebore Hoyer, 1914.04.21, p. 11.

<sup>85</sup> WPA, Foto: W.H. Wehrmeyer-fotoversameling.

<sup>86</sup> WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (68), Kromdraai-Noord, Bothaville, 2001.06.06, (NF01, CD: W-23).

gehou van die natuur, die Valsrivier wat deur die plaas geloop het en die sonnige weer.<sup>87</sup>



**Figuur 60: Familiedag te Schale, Nordrhein-Westfalen, Duitsland, 1984<sup>88</sup>**

Met al sy besoeke aan Suid-Afrika het Wilfried-Helmut geleer om Afrikaans te verstaan en ook gebroke te praat. Hy het ook Suid-Afrikaanse gewoontes aangeleer, soos om beskuit in koffie te doop en dan te eet, iets wat in Duitsland as swak maniere beskou sou word. Wilfried het ook menigmaal sy dogter Margitta en haar twee seuns na Suid-Afrika gebring en per geleentheid een-een. Dan het hy met hulle deur suider-Afrika gereis, van die Kaap, deur Durban tot by die Victoria-watervalle in Zimbabwe.<sup>89</sup>

<sup>87</sup> WPA, MO (4B), H.W. Wehrmeyer, (54), Capital Park, Pretoria, 2015.06.05, (NF95, slegs notas).

<sup>88</sup> WPA, Foto: W.H. Wehrmeyer-fotoversameling.

<sup>89</sup> WPA, MO (4B), H.W. Wehrmeyer, (54), Capital Park, Pretoria, 2015.06.05, (NF95, slegs notas).



**Figuur 61: Ella Wehrmeyer, vrou van Hermann Wilfried, seun van Wolfgang, Margitta Schoch, dogter van Wilfried-Helmut, Wilfried-Helmut en Wolfgang, die twee Wehrmeyer broers, op die stoep van Kromdraai-Noord, Bothaville, Suid-Afrika – transnasionale in werking!<sup>90</sup>**

Met die volwassewording van die derde generasie en die koms van hulle kinders was dit ook tyd vir hulle om hul transnasionale sosiale ruimtes te ontdek. In 1992 het Hermann-Wilfried en sy vrou, Ella, sy oom Wilfried-Helmut in Plochingen Duitsland besoek en ook Berlyn, die stad van sy vader se herkoms. In 1995-1997, tydens 'n projek in Europa, het Hermann-Wilfried 'n jaar in Duitsland gespandeer. Die res, een en 'n halwe jaar was in Belarus gespandeer. Sy twee seuns, Wolfgang en Vincent het die *Kachtenhauser Grundschule* vir ses maande besoek en Duits vlot geleer praat. In dié tyd het Wolfgang en Vincent, hulle kleinneefs, Oliver en Daniel, beter leer ken. Hulle is die seuns van Margitta Schoch, die dogter van Wilfried-Helmut.<sup>91</sup>

<sup>90</sup> WPA, Verhandelingfoto's: H.W. Wehrmeyer, Kromdraai-Noord, Bothaville, 2001.09.05.

<sup>91</sup> WPA, MO (4B), H.W. Wehrmeyer, (54), Capital Park, Pretoria, 2015.06.05, (NF95, slegs notas).



**Figuur 62: Die vier neefs, Vincent en Wolfgang Wehrmeyer, Daniel en Oliver Schoch, Plochingen, Stuttgart, Duitsland, agter staan Ella Wehrmeyer en Margitta Schoch 1996<sup>92</sup>**



**Figuur 63: Die vier neefs, Daniel Schoch, Wolfgang en Vincent Wehrmeyer, Oliver Schoch, Bothaville, Suid-Afrika, 2005<sup>93</sup>**

<sup>92</sup> WPA, Verhandelingfoto's, H.W. Wehrmeyer, Kromdraai-Noord, Bothaville, 1996.

<sup>93</sup> WPA, Verhandelingfoto's, H.W. Wehrmeyer, Plochingen, Stuttgart, 2005.

Familiebande met die Wehrmeyers in Schale en hul aangetroude familie is opgeneem in 1995 deur Hermann-Wilfried, die Spiegelers, Umlaufs, die Wehrmeyers van Mettingen, die Bosmans en Hassinks van Rheine, in die *Nordrhein-Westfalen* streek in die noord-weste van Duitsland. Ongelukkig, soos die eerste en tweede generasies uitgestorf het teen 2015, het die transnasionale verhoudings ook in die slag gebly omdat die nuwe generasie in 'n nuwe wêreld leef en hulle belangstellings elders as in die verlede lê. Gedurende Wolfgang en Vincent se hoërskoolloopbaan het beide Duitsland individueel besoek – Wolfgang as deel van 'n studente uitruilprogram van ses weke naby Keulen en Vincent met 'n lang vakansie saam met 'n Duitse vriend by dié se grootouers, naby München.<sup>94</sup>

Baie immigrante voel 'n gebondenheid en lojaliteit tot beide hul land van oorsprong en land van immigrasie en het dus die bewustheid van transnasionale identifikasie.<sup>95</sup> Hierdie stelling is waar van die meeste Duitse immigrante wat in transnasionale strukture soos die *heimat*-verenigings deelneem, soos die *Freunde des Deutschen Ostens*. Siegfried Kittel droom, gesels en lees boeke oor sy heimat, Memel in die ooste van die ou *Reichs Deutschland*,<sup>96</sup> terwyl Wolfgang Wehrmeyer feitlik totaal geassimileer was in die Afrikaanse samelewing. Van die kant van die Afrikaner was daar nie teen die Duitse immigrante gediskrimineer nie en daarom kon Wolfgang maklik in hul samelewing geassimileer word. Die Afrikaners het die Duitse immigrante met ope arms ontvang. Wolfgang het slegs Afrikaanse koerante geles en was lief vir die *Beeld*. Hy het geen moeite gedoen om Duitse tydskrifte of koerante in die hande te kry nie. As immigrant in terme van transnasionaliteit, het hy grotendeels van sy lojaliteit aan Duitsland vervreem geraak en toe sy oudste seun dit oorweeg het om na Duitsland te gaan, in plaas van die verpligte nasionale diensplig van daardie tyd te doen, het hy hom aangemoedig om vir sy volk en vaderland (Suid-Afrika) te gaan veg. Wolfgang het hier sy nuwe lojaliteit aan Suid-Afrika betoon.<sup>97</sup>

Met immigrasie is daar dikwels die motief vir opwaartse sosiale mobiliteit in 'n poging om risiko te verminder en te verseker dat die familie beter daaraan toe sal wees.<sup>98</sup> In Wolfgang se geval kon dit ook moontlik een van sy motiewe gewees het vir immigrasie. Duitse immigrante wat na Suid-Afrika gekom het, was nie beperk deur die streng geregleerde Duitse samelewing nie. In Duitsland kan 'n mens byvoorbeeld nie 'n bakkerij begin of bestuur sonder om behoorlik gekwalifiseer te wees en 'n meestersgraad te besit en aan die Gilde vir bakkers te behoort nie.<sup>99</sup> In Duitsland het Wolfgang nie 'n stabiele werkrekord gehad nie en ook nie die

---

<sup>94</sup> WPA, MO (4B), H.W. Wehrmeyer, (54), Capital Park, Pretoria, 2015.06.05, (NF95, slegs notas).

<sup>95</sup> T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 23.

<sup>96</sup> WPA, MO (2B), H.S. Kittel, (85), Krugersdorp, 2012.11.17, (NF28, CD: V-21).


<sup>97</sup> T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 88.

<sup>98</sup> Sien hoofstuk 2, 'n Verkenning van transnasionale historiografie en teorie.

<sup>99</sup> H.W. Wehrmeyer, Biografie van: Wolfgang Herman Wehrmeyer, die fokus op sy kinderjare in Duitsland, 1933-1954, (Hons-skripsie, Vaaldriehoekampus van die Noordwes-Universiteit, Vanderbijlpark, 2011), p. 15.

opleidingskursusse wat hy begin het, voltooi nie. Volgens Wolfgang se broer, Wilfried-Helmut het Wolfgang nie sy ambag en leerlingskap as passer en draaier voltooi nie.<sup>100</sup> Nadat Wolfgang Berlyn verlaat het om in Wanne-Eikel, naby Keulen op die Steenkoolmyne te werk, is hy aangestel as “myner” en nie as passer en draaier nie.<sup>101</sup> In sy kontrak met die Suid-Afrikaanse Spoorweë is hy aangestel as “kwekelingstoker”.<sup>102</sup>

In Suid-Afrika het Wolfgang homself die beroep van passer en draaier toegeëien. Met hierdie nering het hy onder andere vir die firma, “Wellington Machinery and Repairs Works (Pty) Ltd” gewerk en ’n positiewe getuigskrif van hulle ontvang toe hy hulle diens verlaat het.<sup>103</sup>



Figuur 64: Wolfgang Wehrmeyer se “Wellington Machinery and Repairs Works” getuigskrif<sup>104</sup>

<sup>100</sup> WPA, MO (4B), W.H. (Wilfried) Wehrmeyer, (76), Plochingen, Stuttgart, 2012.05.20, (NF82, CD: U-6)

<sup>101</sup> WPA, H.W. Wehrmeyer, Die Wehrmeyer Geskiedenis, ’n nuwe vaderland, (Ongepubliseerde memoires, Pretoria, 2001.06.01), p. 26.

<sup>102</sup> WPA, Lêer, Belangrike dokumente van Wolfgang Wehrmeyer, 1933-2008, Dokument: Memorandum van Ooreenkoms, Suid-Afrikaanse Spoorweë, 1954.12.06, p.13.

<sup>103</sup> WPA, Lêer, Belangrike dokumente van Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), Dokument: Getuigskrif, Wellington machinery and repair works (Pty) Ltd, 1960.04.29, p. 31.

<sup>104</sup> WPA, Lêer, Belangrike dokumente van Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), Dokument: Getuigskrif: Wellington Machinery and Repair Works (Pty) Ltd, Certify employment Mr. W. Wehrmeyer, 1960.04.29, p.31.

Wolfgang se tweede beroepshoogtepunt as ambagsman en as ervare kundige op die gebied van pas, draai- en staalwerke, was as bestuurder by West Bodies (Edms.) Bpk. in Port Elizabeth, waar hy bestuurder was van die tegniese afdeling wat onder andere busse gebou het.<sup>105</sup> Sy derde beroepshoogtepunt was toe hy suksesvol die fabriek Kroonstad Bearing Works (Pty) Ltd te Kroonstad bestuur het. Dit was 'n firma wat motorkleppe vir die Suid-Afrikaanse mark vervaardig het.<sup>106</sup> Dit was vir Wolfgang moontlik om in Suid-Afrika sonder sertifikate en bloot op grond van ervaring en vaardighede bestuursposte te kry en suksesvol daarin te wees.



**Figuur 65: Wolfgang Wehrmeyer as tegniese bestuurder van West Bodies te Port Elizabeth, 1972<sup>107</sup>**

Met Wolfgang se aanvaarding van 'n bestuurspos in 'n fabriek by die firma West Bodies in Port Elizabeth, moes die familie die Kaap en die Paarl verlaat en so ook hulle gedeeltelike Duitse milieu van vriende en kerk. In die Paarl het Wolfgang en van sy Duitse vriende, soos die Gieslers, van die Broedergemeente na die Afrikaanse Baptiste Kerk in Parow gegaan. In Port Elizabeth het Wolfgang nog met sy Duitse base, 'n sekere mnr. West<sup>108</sup> en mnr. Eberhardt Reis in die Kaap in Duits

<sup>105</sup> WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer (68), Kromdraai-Noord, Bothaville, 2001.01.07, (NF01, CD: R-2).

<sup>106</sup> WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer (68), Kromdraai-Noord, Bothaville, 2001.01.07, (NF01, CD: R-2).

<sup>107</sup> WPA, Foto: W.H. Wehrmeyer-fotoversameling.

<sup>108</sup> Voorletters onbekend.

gekommunikeer. In die Afrikaanse Baptiste Kerk te Port Elizabeth was daar geen ander Duitsers nie en het die Wehrmeyers meer en meer die Afrikaanse kultuur aangeneem. Die feit dat die moeder van die familie Afrikaans was, het ook hiertoe bygedra.<sup>109</sup>

In 1974 het die tak van die firma West Bodies (Pty) Ltd in Port Elizabeth gesluit. Wolfgang wou sy droom verwesenlik om weer entrepreneur te wees en het in Kroonstad, die Vrystaat, 'n vennoot gevind en die firma, Kroonstad Staalvensters (Edms.) Bpk. begin. Miskien was Kroonstad sy keuse van 'n dorp omdat dit vir hom soos sy geboortedorp was. Dit was in Kroonstad waar hy heel eerste gewoon het toe hy na Suid-Afrika geïmmigreer het. Hier het hy so te sê die eerste lewenslig gesien en Afrikaans geleer praat by die Suid-Afrikaanse Spoorwegkollege. Hier sou hy woon en by verskeie plekke werk vir die volgende 15 jaar en drie van sy vier seuns sou hier hulle skoolloopbane voltooi.<sup>110</sup>

Wolfgang het vriende gemaak met 'n Duitser, Meuring,<sup>111</sup> wat 'n skrynwerkfabriek besit het, asook 'n Duitser met die naam, Uwe, maar hulle het nooit huisvriende geword nie en is die Wehrmeyers derhalwe nie beïnvloed om meer van die Duitse kultuur te behou nie. Die aantal Duitsers op die dorp was min en het nie tot groepsvorming gelei nie.<sup>112</sup>

Aan die einde van Wolfgang se lewe was hy totaal geïntegreer en geassimileer in die Afrikaanssprekende Boeregemeenskap van Kroonstad en Bothaville. Hy het Afrikaans gepraat, gedink, geleef en geëet. Op sy begrafnis was dit sy eie familie, Afrikanervriende en die plaaslike lede van die kerkgemeenskap wat die laaste eerbetoon kom bewys het.

Wolfgang het medelye gehad met mense wat swaargekry het, moontlik weens sy eie ervaring van hongersnood ná die oorlog. Wanneer daar 'n oorproduksie van eiers by die Kroonstad Eierplase Depot was en al die eiers nie verkoop was nie, het hy nie geskroom om persoonlik eiers by behoeftiges te gaan aflaai nie. Wolfgang het nie daarin geglo om mense geld te gee nie, maar het hulle nooit kos geweier nie. Hy het altyd meegevoel vir sy medemens gehad. Of dit nou uit die vervolging van die Jode in Duitsland gespruit het, is nie seker nie. Per geleentheid moes hy een van die direkteure van Kroonstad Eierplase Depot besoek op sy plaas. 'n Werknemer daar het gerapporteer dat sy vrou binnekort moes kraam en hospitaal toe moes gaan. Die direkteur het hom afgejak en gesê dat dit nie sy probleem was nie. Wolfgang het onmiddellik die werknemer en sy vrou hulp aangebied en hulle met sy eie motor na die hospitaal vervoer.<sup>113</sup>

---

<sup>109</sup> WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (54), Kroonstad, 1987.02.01, (NF01, CD: W-20).


<sup>110</sup> WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (54), Kroonstad, 1987.02.01, (NF01, CD: W-20).

<sup>111</sup> Voorletters onbekend.

<sup>112</sup> WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (54), Kroonstad, 1987.02.01, (NF01, CD: W-20).

<sup>113</sup> WPA, MO (4B), H.W. Wehrmeyer, (54), Capital Park, Pretoria, 2015.06.05, (NF95, slegs notas).

Elke jaar met Kerstyd het Wolfgang kospakkies by 'n supermark laat opmaak, met basiese kosvoorrade en iets lekkers vir die kinders in, en dit het hy afgelewer aan behoeftige lede van die Afrikaanse Baptiste Kerk, maar ook aan ander buite die gemeente. Die kort periode wat hy balju van die hof was, was vir hom 'n moeilike tyd omdat hy die armoede van mense moes aanskou en dan nog beslag ook moes lê op hul laaste goedjies. In die tyd van Apartheid, toe nie-blankes dikwels op rassistiese wyse behandel is, het hy sonder aansien van persoon almal met menswaardigheid behandel. Hy het die kultuur en denke van die inheemse volke bestudeer en verstaan. Toe daar arbeidsonrus in die 1980's in die fabriek geheers het, het die aansienlike groot nie-blanke werkersmag onder sy bestuur selde gestaak en slegs weggebly as hulle weens intimidasie en vrees vir hul eie lewens tuis moes bly. Wolfgang se grootste prestasie en bydrae was dat hy homself nie net vir sy familie gegee het en Suid-Afrika met sy tegniese en bestuursvaardighede gedien het nie, maar ook dat hy sy bloed vir die land gegee het, waarvoor hy die Harvey medalje van die Suid-Afrikaanse Bloedtoetappingsdienste gekry het. Die medalje word gegee aan persone wat op 'n gereelde basis meer as 50 eenhede geskenk het.<sup>114</sup>



Artefak 2: Wolfgang Wehrmeyer se Harvey medalje<sup>115</sup>

## Adolf Helmers

Adolf Helmers het 'n mobiele sosiale opwaartse beweging ervaar as deel van sy integrasie in die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Nadat Helmers sy opleiding as timmerman voltooi het, het hy deur die hele Europa gereis en onder andere saam

<sup>114</sup> WPA, MO (4B), H.W. Wehrmeyer, (54), Capital Park, Pretoria, 2015.06.05, (NF95, slegs notas).

<sup>115</sup> Artefak 2. Wolfgang Wehrmeyer se Harvey medalje.

met 'n groep mense 'n oudiënsie met die Pous gehad. Hy is terug na Duitsland toe, waar hy getrou het en 'n stukkie grond gekoop het om daarop sy eie huis te bou. Hy het vir almal huise gebou, maar het self nie een besit nie. Na 'n lang gesukkel en onsuksesvol om toestemming te kry om te bou, het hy teenoor 'n argitek-vriend gekla. Sy vriend het net teruggekom van Suid-Afrika af, waar hy gehelp het om die satelliet opsporingsstasie naby Pelindaba, Pretoria te bou. Dié het hom van die wonderlike land vertel en hoe mooi die natuur was. Ook dat grond baie goedkoop was in vergelyking met Duitsland en dat mens vir veel goedkoper 'n pragtige huis in Suid-Afrika kon laat bou. Die idee het Helmers aangegryp en hy het dadelik aan die ambassade in Keulen geskryf. Hy het brosjures ontvang en kort daarna na Suid-Afrika geïmmigreer. Helmer het aansoek gedoen by die firma, Sordiets, wat aan 'n Oostenryker behoort het, en as boueier of konstruksievoorman 'n aanstelling gekry. Soos Helmers self gesê het, het hy 'n bietjie “gebluf”. Hy was net 'n gewone timmerman of houtskrynwerker, maar hy was bereid om te waag en risiko's te neem. Sy eerste projek was die 22-verdieping kantoorblok vir die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde in Pretoria.<sup>116</sup>



**Figuur 66: Adolf Helmers<sup>117</sup>**

Sy volgende projek was die Polisiehoofkantoor op die hoek van Bosman- en Pretoriusstraat. In Pretoria alleen was hy betrokke by 36 bouprojekte.<sup>118</sup>

<sup>116</sup> WPA, MO (01B), A.E. Helmers, (78), Centurion, 2011.08.06, (NF14, CD: X-13, 14).

<sup>117</sup> WPA, Verhandelingfoto's, H.W. Wehrmeyer, Centurion, 2011.08.06.

<sup>118</sup> WPA, MO (01B), A.E. Helmers, (78), Centurion, 2011.08.06, (NF14, CD: X-13, 14).



**Figuur 67: Polisie hoofkantoor op die hoek van Bosman- en Pretoriusstraat, Pretoria, waar Helmers die bouprojekleier was**<sup>119</sup>


Die laaste projek van sy loopbaan was die Northgate Shopping Centre naby Johannesburg. In 1989 het hy erkenning ontvang as die beste konstruksieprojekleier in Suid-Afrika vir die projek van ses windtonnels wat hy vir die Wetenskaplike Nasionale Navorsingsraad (WNNR) gebou het.<sup>120</sup>

## **Gisela Kahler**

Gisela Kahler, gebore Von Hennenberg, se man, Erich, was opgelei as tekstielingenieur in Duitsland en is na Suid-Afrika gestuur in 1952 om 'n projek vir 'n Duitse investeerder te begin. Op 28 Februarie het hy en sy vrou met 'n Hollandse skip in Tafelbaai aangekom, presies 300 jaar nadat Jan Van Riebeeck in die Kaap geland het. In die Kaap was die 300-jarige feesviering aan die gang en vanaf die skip in die aand kon hulle die groot banier oor Kaapstad sien, met die woorde "Ons bou 'n nasie." Toe haar man die groot verligte Mercedes-Benz-ster, op een van die geboue sien, het hy gesê: "Hier voel ek tuis." Gisela het geantwoord en gesê; "Ja en ons gaan die nasie bou." Drie dogters is vir hulle op Wellington gebore.

<sup>119</sup> WPA, Verhandelingfoto's, H.W. Wehrmeyer, Pretoria, 2015.09.05.

<sup>120</sup> WPA, MO (01B), A.E. Helmers, (78), Centurion, 2011.08.06, (NF14, CD: X-13, 14).



**Figuur 68: Gisela Kahler, gebore Von Hennenberg**<sup>121</sup>

Vir twaalf jaar het Eric Kahler suksesvol by Western Wools op Wellington gewerk. Gedurende hierdie tyd het hy die firma tegnies van die grond af opgebou met Duitse geld.<sup>122</sup> Wolfgang Wehrmeyer het van die toerusting gebou vir Western Wools, byvoorbeeld 'n wolmateriaaldroeër, terwyl hy by *Wellington Repairs and Maintenance* gewerk het.<sup>123</sup>

## **Fred Brahmer**

Fred Brahmer het, nadat hy verdryf is uit Sudetenland, in Duitsland sy ambag as passer gevolg en toe ook 'n ambag as werktuigkundige voltooi. Hy was enkelopend en het vir 'n firma gewerk wat toerusting gebou het vir die maak van paaie. In ongeveer 1959 het Suid-Afrika 20 van hierdie padbouvaartuie gekoop en sy firma het hom na Suid-Afrika gestuur. Hy moes die toerusting wat in houtkiste verpak was aan mekaar monteer en die mense leer hoe om dit te gebruik. Na hierdie projek het sy firma besluit om 'n tak in Suid-Afrika oop te maak en hom gevra of hy die tegniese bestuurder wou wees. Hy het die aanbod aangeneem en vir die res van sy lewe in

<sup>121</sup> WPA, Verhandelingfoto's, H.W. Wehrmeyer, Garsfontein, Pretoria, 2012.10.18.

<sup>122</sup> WPA, MO (2B), G. Kahler, (87), Garsfontein, Pretoria, 2012.10.18, (NF26, CD: V-18), G. Kahler, *Erinnerungen von Gisela Kahler, geb. Von Hennenberg, 1925-2014*, (Ongepubliseerde memoires, Pretoria, 2014), p. 24.

<sup>123</sup> WPA, MO (1B), H.W. Wehrmeyer, (54), Kroonstad, 1987.02.01, (NF01, CD: W-20).

Suid-Afrika gebly. Hy het eiendom in die Verenigde State van Amerika en Duitsland, maar geniet die weer en omstandighede in Suid-Afrika die meeste.<sup>124</sup> Gedurende die wintermaande in Suid-Afrika, verhuis hy en sy vrou na Duitsland.

## Lothar Neethling

Lothar Neethling, gebore Tietz, het in 1948 na Suid-Afrika toe gekom as een van die Dietse weeskinders. Lothar was 11-jaar oud toe hy geïmmigreer het en het reeds 'n basiese Duitse identiteit besit. In 1949 word Lothar Neethling aan Ursula Verleger, 'n Duitse immigrant voorgestel. Haar vader was die kernfisikus wat later die hoof van die Departement Fisika by die Universiteit van Pretoria sou word, en hulle het 'n lewenslange vriendskap gehad.<sup>125</sup> Lothar was vir haar soos 'n broer, vertel Ursula.<sup>126</sup> Hulle het met mekaar Duits gepraat. Op skool was Lothar Neethling 'n lid van die Voortrekkerjeugbeweging. Op universiteit het hy gedurende vakansies vrywillig militêre kampe bygewoon en die rang van sersant-majoor verkry. Verder was hy lief vir rugby en het op universiteit selfs in die haker posisie gespeel.<sup>127</sup>

Hy het twee doktorsgrade behaal, een in Kalifornië, in die Verenigde State van Amerika en een by die Onderstepoortse afdeling van die Universiteit van Pretoria.<sup>128</sup> Op Onderstepoort leer hy prof. Dieter Osterhoff, ook 'n Duitse immigrant, ken en hulle sou lewenslange vriende word. Wanneer hulle alleen was, het hulle met mekaar Duits gepraat. Osterhoff het ook twee doktorsgrade gehad. Die eerste een het hy in Swede verwerf deur die Duitse universiteit van Giessen en die tweede in Suid-Afrika. Hy was 'n spesialis op die gebied van bloedontleding, vaderskapsontleding en die teel van beeste en perde. Teen 1973, onder die leiding van Lothar Neethling, was die Suid-Afrikaanse Forensies departement een van die beste in die wêreld. Neethling het ook die polisiemagte van Kanada, Spanje, Duitsland, Scotland Yard en die FBI besoek en by hulle navorsing gedoen oor wetstoepassing en wetenskaplike forensiese metodes.<sup>129</sup>

Die volgende was oor Neethling geskryf in die SA Digest van 11 April 1980:

This modest general is very reticent about his personal achievement. During the past eight years he has built personal contacts with the FBI, the CIA, the British and German forensic institutions and in addition to membership of the SA Chemical Institute, the SA Biological Society and SA Academy for Science and Arts, he is also member of various

---

<sup>124</sup> WPA, MO (4B), F. Brahmer, (85), Thabela Gastehuis, Pretoria-Noord, 2015.03.22, (NF 91, CD: S-2).

<sup>125</sup> A. Jordaan, *Lothar Neethling: 'n Lewe vertel*, (Paarl Media, Paarl, 2013), pp. 31-32.

<sup>126</sup> WPA MO (4B), U. Spies, (geb. Verleger), (78), Groenkloof, Pretoria, 2014.08.06, (NF79, CD: X-22).

<sup>127</sup> A. Jordaan, *Lothar Neethling: 'n Lewe vertel*, pp. 33, 35, 36.

<sup>128</sup> A. Jordaan, *Lothar Neethling: 'n Lewe vertel*, p. i.

<sup>129</sup> A. Jordaan, *Lothar Neethling: 'n Lewe vertel*, pp. 46, 55, 60.

international scientific organisations, including the American Academy of Forensic Science (there are only two members in Africa), the Forensic Science Society of England, the International Association of Forensic Toxicologists and the International Association of Chiefs of Police of the US.<sup>130</sup>

Lothar Neethling se lewe beeld 'n transnasionale geskiedenis uit. 'n Geskiedenis van invloed, oordraging, interkonneksie en gedeelde invloede oor nasionale grense heen. In hierdie geval op die gebied van forensiese wetenskap en polisiëring op 'n internasionale vlak. Neethling het nooit sy *heimat* vergeet nie. Na die afsluiting van sy studies in Amerika in 1962 het hy op sy terugreis Duitsland besoek asook sy moeder se suster, Anna, in Lauenburg. Hy het met 'n plaaslike joernalis 'n onderhoud in Duits gehad. Op 27 het hy homself ten volle met Suid-Afrika vereenselwig en was bewus van die kompleksiteit van Suid-Afrika.<sup>131</sup>

Neethling het internasionale formele en sosiale verhoudinge gehad. Uit die fotoversameling van Juliette Neethling, sy vrou, is daar bewyse dat hy ook met die Duitse polisie bande gehad het. Lothar besoek op 22 Oktober 1987 die *Grenzschutzgruppe "9"* in Duitsland waar hy saam met die grenspolisie hulle vuurwapens getoets het op 'n binnehuise skietbaan.<sup>132</sup>



**Figuur 69: Grenzschutzgruppe "9"**<sup>133</sup>

<sup>130</sup> A. Jordaan, *Lothar Neethling, 'n lewe vertel*, p. 69.

<sup>131</sup> A. Jordaan, *Lothar Neethling, 'n lewe vertel*, p. 69.

<sup>132</sup> WPA, verhandelingsfoto's: J. Neethling, (79), Pretoria, 2014. (NF75, CD: Z-1); WPA, Opsomming Gevalle studies werkboek NF26-50, pp. 170,172; Fotos van Duitse Grenzschutzgruppe 9, Grens beskerming groep nommer 9, Lothar saam met Duitse polisie, interne skietbaan.

<sup>133</sup> WPA, Foto: J. Neethling-fotoversameling.



Figuur 70: Generaal Lothar Neethling, gebore Tietz in Oos-Pruise<sup>134</sup>

## Horst en Hildegard Meyberg

Ná die oorlog het 'n aantal Duitse immigrante na Suid-Afrika gekom as geestelike werkers, van wie verskeie respondente van hierdie studie ook voorbeelde was, naamlik Hanna Herrmann,<sup>135</sup> M.E.O.L.E. Krause<sup>136</sup> (gebore Gackenholz, wie se man 'n Lutherse pastoor was) en Johannes Trauernicht.<sup>137</sup> Horst Meyberg het in 1958 uit Niedersachsen gekom om onder die Tswanas van Wes-Transvaal sendingwerk, onder die banier van die Hermannsburger sendinggenootskap ('n Lutherse organisasie) te doen. Die opdrag van sy leiers was dat hy eers Setswana moes leer praat voordat hy kon trou met sy geliefde uit Duitsland. Sy aanstaande, Hildegard Thimm, is na Kroondal naby Rustenburg waar sy in die Lutherse gemeenskap as helper gewerk het. Hildegard en Horst is getroud op 8 Augustus 1959 te Kroondal. Horst Meyberg is aangestel as pastoor van die Tswana-gemeente te Bodibe (Polfontein) in die Wes-Transvaal in 1960. In 1967 is hy in die pos aangestel as

<sup>134</sup> WPA, Foto: J. Neethling-fotoversameling.

<sup>135</sup> WPA, MO (1B), J. Herrmann, gebore Gentsch, (79), Garsfontein, Pretoria, 2011.06.18, (NF06, CD: V-19).

<sup>136</sup> WPA, MO (1B), M.E.O.L.E. Krause, gebore Gackenholz, (86), Groenkloof, Pretoria, 2011.06.16, (NF9, CD: X-8).

<sup>137</sup> WPA, MO (1B) J. Trauernicht, (69), Pretoria, 2012.07.31, (NF24, CD: U-11).

senior oorsighouer van die Tswana hoërskool, met 650 leerlinge, 'n koshuis en onderwyskollege, onder die beskerming van die Hermannsburger sendinggenootskap te Bethel.<sup>138</sup>

In hierdie periode word sy drie kinders gebore: die eerste, Erna-Marein (1960), en sy kry ook 'n Tswana naam, "Segametsi", wat beteken: "Die een wat water skep, as jy oud is en dit nie meer self kan doen nie" (Erna was Horst se moeder); die tweede dogter, Ruthild (1961), se Tswana naam "Mostsana gape" is en dit beteken gewoonweg: "nog 'n meisie" (beide meisies besoek die Duitse laerskool Gerdauer en vir hul hoërskoolopleiding gaan hulle na die Hermannsburger skool in Natal); die derde, Edzard, word in 1968 gebore en gaan vir sy hoërskoolopleiding na die Pretoria Duitse skool. Edzard is moontlik vernoem na Horst se broer, Karl-Edzard. Sy Tswana naam is: "Modisa-o-tsile", "die herder het gekom". Erna-Marein het ná skool Afrikaans en seTswana aan die Universiteit van Stellenbosch studeer, maar sy het eindelik 'n toeristebus-bestuurder in Suid-Afrika geword.<sup>139</sup> Die Meybergs het geïntegreer en geassimileer, maar tog ook nie heeltemal nie, sodat hulle 'n multi-kulturele identiteit verkry het. Hulle het nie net meer as ander Duitse immigrante en hul kinders by die Afrikaanse en Engelse kulture aansluiting gevind nie, maar ook by die inheemse bevolkingsgroep, die Tswanas.

In 1966 kon die Meybergs hulle eerste *Deutschland Urlaubreise* meemaak. Dit was tyd om rekenskap aan die kerkleierskap in Duitsland te gee en die familie te besoek. Horst het 11 broers en susters gehad.<sup>140</sup> Dit was 'n algemene praktyk wat gevolg was in die Lutherse kerk, die Katolieke kerk en Stadtmission, om gereeld met tussenposes van vyf jaar of meer, predikante en hul families te laat terugkeer na Duitsland, vir wat hulle genoem het *Heimatsdienst*. Hulle het gewoonlik 'n kerkleierskapskonferensie besoek en persoonlik teruggerapporteer oor hul werk, en hulle het dan ook verskeie gemeentes besoek.

In 1983 was Horst Meyberg na Duitsland vir wat hy 'n "*Ein besonderer Heimatsurlaub*" noem. Dit was ná 25 jaar se diens in Afrika. Saam kon hulle met hul eie familie uit Suid-Afrika en Duitsland Kersfees vier. Buite 'n gastehuis in Hermannsburg, Duitsland, was die landskap geklee in sneeu, soos 'n sprokieswêreld. In Hamburg kon Horst die konferensie vir buitelandse pastore van die Lutherse kerk bywoon en so kon hy pastore van Duitse gemeentes van dwarsoor die wêreld ontmoet.<sup>141</sup>

Met sy terugkeer na Suid-Afrika teen Paastyd 1984 is hy aangestel in die Duitse Lutherse gemeente in Vanderbijlpark. Voor sy aanstelling in Vanderbijlpark het hulle eintlik net met Duitsers in Suid-Afrika in aanraking gekom wat die nakomelinge van Duitse sendelinge en immigrante uit die streek Lüneberger-Heide in Duitsland was.

---

<sup>138</sup> H. Meyberg, *Lebenserinnerungen, Gedanke und Worte*, (s.n., Pretoria, 2012), pp. 49-66. (Die spelling is "Bethel", volgens Meyberg).

<sup>139</sup> H. Meyberg, *Lebenserinnerungen, Gedanke und Worte*, pp. 102-107.

<sup>140</sup> H. Meyberg, *Lebenserinnerungen, Gedanke und Worte*, p. 66.

<sup>141</sup> H. Meyberg, *Lebenserinnerungen, Gedanke und Worte*, pp. 82-83.

In die Vaaldriehoek, Vanderbijlpark, Vereeniging en Sasolburg het hulle 'n gans ander groep Duitsers ontmoet. Hulle was ingenieurs en ambagsmanne wat in die 1950's na Suid-Afrika gekom het en in die Vaaldriehoek die industrie opgebou het, veral die groot staalwerke en nuwe-maatskappye. Die gemeentelede het uit verskillende plekke uit Duitsland gekom, naamlik Berlyn, Württemberg, die Rynland, Hesse en ook 'n paar uit Oostenryk. Omdat daar geen selfstandige Katolieke gemeente in die Vaaldriehoek was nie, het van die Katolieke Duitse Christene aan die aktiwiteite van die Lutherse kerk deelgeneem, sonder om hulle Katolieke kerklidmaatskap op te gee.<sup>142</sup>

Gedurende sy dien tydperk te Vanderbijlpark (1988), het Horst Meyberg besorg opgemerk dat die kinders wat aan *Konfirmanten Unterricht*, katkisasie, deelgeneem het, meer en meer Engels in plaas van Duits gepraat het en dat hulle gesukkel het om Duits te lees en te verstaan. Die redes hiervoor was omdat hulle nie op skool in Duits onderrig is nie, asook die invloed van die televisie. Hy kon duidelik merk waar in families die kinders tuis Duits gelees en gepraat het.<sup>143</sup> Hierdie is 'n aanduiding dat, in die tweede geslag, die Duitse immigrante se kinders moontlik hul transnasionaleit gaan verloor. As hulle voortgaan om Engels te praat, sal hulle waarskynlik in die Engelse gemeenskap geassimileer word.

In watter simbiose het die Meyberg's met die verskeie kultuurgroepe in Suid-Afrika geleef? Sekere gedagtes kom na vore met die lees van Horst Meyberg se biografie, *Lebenserinnerungen, Gedanken und Worte*. Hulle het van 1958 tot 1983, 25 jaar lank onder die Tswanas geleef. Ver al op Bethal was hulle daaglik betrokke met die gemeenskap. Hildegard het een wintervakansie vir ses weke rekord gehou van hul ontbyt. In die ses weke kon hulle net drie keer ongesteurd ontbyt eet. Horst Meyberg beskryf sy diens onder die Tswanas as vrugbaar en verrykend, maar dit was moeilike en harde werk. Dis was tye van oproer en opstand teen Apartheid. Hy was onder druk van Duitsland en ook Suid-Afrika om politieke te preek, maar hy het geweier en slegs Christus en Hom as gekruisigde verkondig. Hy verduidelik dat hy goeie en slegte mense onder nie-blankes en onder blankes geken het en wou nie kant kies nie. In die 1970's het die opstand en oproer ook die leerlinge en studente getref. Onderwys het daar onder geleë en leerlinge wou nie meer hul eksamens skryf nie.

Hildegard kon slegs kombuis- of gebroke Tswana praat en kon haar nie uitleef in die Tswana-gemeente nie. Daarom het Horst in 1983 versoek om oorgeplaas te word na 'n Duitse gemeente. Hy het lang gesprekke met die Lutherse biskop van Suid-Afrika gehad, wat hom wou laat afsien van die gedagte, maar Horst het by sy besluit gebly. So het hy dan weer by die Duitse Lutherse gemeente in Vanderbijlpark uitgekome, waar hy 25 jaar tevore as 'n gas die inwyding van die kerk bygewoon het.<sup>144</sup>

---

<sup>142</sup> H. Meyberg, *Lebenserinnerungen, Gedanken und Worte*, p. 84.

<sup>143</sup> H. Meyberg, *Lebenserinnerungen, Gedanken und Worte*, p. 84.

<sup>144</sup> H. Meyberg, *Lebenserinnerungen, Gedanken und Worte*, pp. 66-81.

Horst Meyberg het in goeie simbiose met die Tswana-gemeente saamgeleef. Hy het die Tswana gemeenskap gedien, maar nie 'n ware transnasionaleiteit tot hulle beleef nie. Hy en sy familie het Duits gebly en binne die Europese gemeenskap gemakliker gevoel, terwyl hy 'n diep empatie vir die Tswanas behou het. Die Tswana spreekwoord wat hy geleer het, "*Du weißt nicht, wie schwer die Last ist, die du nicht trägst!*",<sup>145</sup> "Jy weet nie hoe swaar die las is nie, wat jy nie dra nie!", het vir hom 'n lewensleuse geword. In hierdie mate het hy tog iets van die Afrika-kultuur en identiteit in sy wese opgeneem. Dit is die komplekse, "hier" en "daar", terselfdertyd konsep van transnasionaleiteit.

## Ursula Brenner

Die idee van transnasionale ruimtes behels dat mens immigrasie moet sien as 'n grensoorbruggingsproses tussen twee of meer nasionale state wat mekaar penetreer en so deel word van 'n enkele nuwe sosiale ruimte. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is Ursula Brenner. Sy het die eerste keer in 1967 na Suid-Afrika gereis saam met 'n Duitse Volksdansgroep. Sy het so van die land gehou dat sy vir agtien maande hier gebly het. Sy het by Volkshuis in Gezina, Pretoria, werk gekry. Sy het Afrikaanse taalklasse bygewoon en Afrikaans vlot geleer praat. In 1969 het 'n groep van 100 Afrikaanse Volkspelers Duitsland besoek, wat sy deur haar land begelei het. Keer op keer het sy deur die jare met Duitse groepe, en later gekombineer met Hollandse en Vlaamse groepe, na Suid-Afrika gekom. Haar doel was om die "*Deutschum*", die Duitse kultuur, aan Suid-Afrika bekend te stel. Sy vertel dat daar destyds baie Duitse gemeenskappe was, maar nou (2012) nie meer so baie nie.<sup>146</sup>

---

<sup>145</sup> H. Meyberg, *Lebenserinnerungen, Gedanke und Worte*, p. 11.

<sup>146</sup> WPA, MO (1B), U. Brenner, (72), Pretoria, 2012.09.01, (NF23, CD: V-13).

In 2014 met die 100-jarige bestaan van die Volkspeler-beweging in Suid-Afrika het Ursula Brenner 'n groot groep Duitse volkspelers na Suid-Afrika gebring om aan die vieringe in Bloemfontein deel te neem en ook deur die land te reis en opvoerings te gee. Interessant is dat twee van die toergroepede wat uit Duitsland gekom het, van dieselfde dorp, Plochingen was, waar Wolfgang se broer Wilfried-Helmut woon. Een van hierdie *Volkstanz*-spelers kon 'n geskenk saamneem uit Suid-Afrika en persoonlik aflewer by Wilfried-Helmut Wehrmeyer in Plochingen.<sup>147</sup>



**Figuur 71: Die Duitse *Volkstanz* groep wat Suid-Afrika in 2014 besoek het. Helmut (links), en sy vrou Sabine (regs) oefen in Plochingen waar Wilfried-Helmut Wehrmeyer woon in Duitsland. In die middel is die navorsers<sup>148</sup>**

<sup>147</sup> WPA, MO (4B), H.W. Wehrmeyer, (54), Capital Park, Pretoria, 2015.06.05, (NF95, slegs notas).

<sup>148</sup> WPA, Verhandelingsfoto's, H.W. Wehrmeyer, Gezina, Pretoria, 2014.06.30.

Brenner het die Suid-Afrikaanse samelewing in die 1960's vreemd gevind. Die onderskeid tussen die swart gemeenskap en blankes was vir haar "kras". In die bank waar sy gewerk het, was daar 'n ry vir die nie-blankes en die ander vir die blankes. Selfs tussen Afrikaners en Engelse was die onderskeid opvallend. Een keer in 'n week was daar 'n Engelse dag, wanneer almal Engels moes praat en die res van die tyd is net Afrikaans gepraat. In die busse het blankes ook nie saam met nie-blankes gereis nie, hulle het hul eie busse gehad. Sy het haarself voorberei voordat sy na Suid-Afrika vir die eerste keer gekom het, deur studiemateriaal oor die land te lees, maar ten spyte van die voorbereiding, was die werklike ervaring gans anders. Ursula vertel dat 'n dame in daardie tyd alleen oral kon stap sonder enige vrees vir misdaad.<sup>149</sup>

Alhoewel Brenner nie 'n Duitse immigrant na Suid-Afrika was nie, was sy ineengestremgelyk verbind tot Suid-Afrika. Sy was 'n transnasionale kulturele brug tussen die twee taal- en kultuurgroepe. Sy het vlot Afrikaans gepraat met 'n effense Duitse aksent en het baie Duitse en Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners as vriende gehad. Deur haar leeftyd het sy die kulturele vloei op die gebied van volksdanse, musiek en sang tussen die twee lande bevorder.

## Slotsom

In hierdie afdeling het ons gekyk hoe nege Duitse immigrante transnasionaleisme ervaar het, met die fokus op Wolfgang Wehrmeyer, en hoe hulle hul transnasionaliteit ontwikkel het gedurende hul lewensloop. Wehrmeyer se lewe het die siklus van transnasionaleisme gevolg met sy broer Wilfried-Helmut in Duitsland. Op die ouderdom van 51-jaar het hy en sy vrou Duitsland en van die plekke waar hy grootgeword het besoek. Hy het sy familiebande hernu. In latere jare het sy broer en sy familie hom gereeld in Suid-Afrika besoek en het hulle transnasionale aktiwiteite 'n hoogtepunt bereik. Met die afsterwe van Wehrmeyer in 2008 en daarmee die afsterwe van die tweede generasie Duitsers in terme van die Tweede Wêreldoorlog en die konvensie vir hierdie studie, het transnasionaleisme sy afwaartse kurwe begin. Wehrmeyer in sy transnasionaliteit, het beweeg van 'n Duitse immigrant na 'n Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner en van sy vier seuns het net die oudste seun iets van 'n transnasionaliteit behou. Die seuns, met hulle families, het Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners geword. Die geval van Lothar Neethling, gebore Tietz, was soortgelyk.

Fred Brammer en sy vrou Jeanette, Gisela Kahler, gebore Von Hennenberg, Horst en Hildegard Meyberg en Adolf Helmers het in hulle families as tweede generasie Duitse immigrante 'n sterk Duitse kultuur behou, maar die verwatering van die Duitse

---

<sup>149</sup> WPA, MO (1B), U. Brenner, (72), Pretoria, 2012.09.01, (NF23, CD: V-13).

etnisiteit in hul kinders ervaar, wat met Duits-, Afrikaans- of Engelssprekendes getrou het.

Die Duitse immigrante het, volgens die resultate van die inligting versamel van die respondente, veelvoudige verhoudinge met familie, vriende en kollegas, nie net tussen Duitsland en Suid-Afrika ontwikkel nie, maar ook in ander wêrelddele en hulle het transnasionale identiteite op verskillende vlakke en intensiteit gehad.

## Wedersydse invloed en oordraging

### Inleiding

Een van die gevolge van transnasionaaliteit is die verspreiding van kennis en inligting. Oor die grense heen ontwikkel daar onder immigrante kennisnetwerke en vind die oordra van vaardighede en spesialis-kennis plaas. Dit geskied in beide rigtings, na die land van immigrasie, wat byvoorbeeld 'n onontwikkelde land kan wees, en ook na die land van emigrasie.<sup>150</sup> 'n Positiewe aspek van immigrante met vaardighede, inisiatief en entrepreneurskap is dat dit lei tot die vermindering van armoede in die land van ontvangs, omdat hierdie soort immigrant werk skep.<sup>151</sup>

Dr. Ulrich Bantz het tydens 'n bespreking by die *Freunde des Deutschen Ostens* oor Duitse immigrante wat pensioene uit Duitsland ontvang het en die verrekening van hul belasting opgemerk dat daar baie ryk Duitse weduwees in Suid-Afrika was.<sup>152</sup> Hy het verwys na die Duitse immigrant weduwees wie se mans suksesvolle entrepreneurs was.

Fabrieksproduksie in Suid-Afrika het ná die Tweede Wêreldoorlog die grootste vordering ervaar teenoor ander ekonomiese sektore. Van die hoogtepunte in die naoorlogse jare was Yskor wat in 1952 op grootskaal begin staal produseer het en Sasol wat begin petroleumprodukte uit steenkool produseer het volgens die Duits-ontwikkelde proses, die Fischer-Tropsch-proses.<sup>153</sup> Een direkteur van Yskor in 1975 was die Duitse immigrant K.R. Rümelin.<sup>154</sup> Goudproduksie het van 1948 tot 1961 verdubbel. Tegnologie is ontwikkel om op dieper vlakke te ontgin.<sup>155</sup> Landbouproduksie was in 1948 R374 miljoen en in 1961 R854 miljoen, grootliks te wyte aan meganisasie, beter beplanning, verbeterde saadtipes en die teel van

---

<sup>150</sup> T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 66.

<sup>151</sup> T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 68.

<sup>152</sup> WPA, MO (3B), U.H. Bantz, (77), Fairland, Randburg, 2015.07.25 (NF64, slegs notas).

<sup>153</sup> C.F.J. Muller, (ed.), *500 Years: A history of South Africa*, (Academica, Pretoria, 1988), p. 506.

<sup>154</sup> H. Behrens & H. Stäcker, (eds.), *Festschrift zum 50. Kroondaler Deutschen Tag*, (Simmy's Printers, Krugersdorp, 1981), p.39.

<sup>155</sup> C.F.J. Muller, (ed.), *500 Years: A history of South Africa*, p. 506.

vee.<sup>156</sup> In al hierdie sektore was Duitse immigrante aktief betrokke, soos 'n analise van hul beroepe aandui.

### Oordraging – spesifieke vaardighede.

Respondente – Duitse immigrante volgens beroepsvelde<sup>157</sup>

Beroepsvelde	Aantal	Persentasie
Administrasie	7	9%
Entrepreneur	8	11%
Geestelik	6	8%
Geologie – mynbou	4	5%
Gesondheid	2	3%
Intellektueel	8	11%
Kunste	1	1%
Landbou	7	9%
Ondersteuner (huisvrou)	4	5%
Onderwys	3	4%
Polisie	1	1%
Tegnies	24	32%
	75	100%

Duitse immigrante met tegniese vaardighede met 'n persentasie van 32% was die meeste. Intellektueles en entrepreneurs het elk 11% verteenwoordig, administrasie en landbou elk 9% en geestelikes 8%.

Die immigrante wat van Duitsland gekom het, het van 'n ontwikkelde land na 'n grotendeels onontwikkelde land gekom. Duitsland was slegs tydelik platgeslaan weens die oorlog en die beleid van die Geallieerdes. In hul kennis en motivering was die Duitsers steeds hoogs ontwikkel, veral met tegniese vaardighede en uitvindings.

In die volgende afdeling volg 'n paar kwalitatiewe voorbeelde, op 'n prosopografiese wyse aangebied.

### Kwalitatiewe voorbeelde

Siegfried Kittel was 'n elektrotegnikus en het die laaste 30 jaar van sy beroepslewe vir Siemens gewerk. Hy was die leier van verskeie groot projekte soos onder andere die Steenbrasdam in die Boland. Hy het gevoel dat sy grootste bydrae werksverskaffing aan die inheemse bevolking was. Sy vrou Margareta Elisabeth,


<sup>156</sup> C.F.J. Muller, (ed.), *500 Years: A history of South Africa*, p. 506.

<sup>157</sup> WPA, H.W. Wehrmeyer, *Statistiese analises werkboek*, p. 40.

gebore Krenz, het weer gevoel dat haar grootste bydrae was om hul kinders te versorg en groot te maak.<sup>158</sup>

Dietrich Osterhoff het eers 'n doktorsgraad in Swede en Duitsland gedoen. Hy het sy navorsing in Swede gedoen en het gepromoveer aan die universiteit van Gießen in Duitsland. Nadat hy na Suid-Afrika geïmmigreer het, het hy 'n tweede doktorsgraad in 1968 by Onderstepoort, deur die Universiteit van Pretoria, gedoen getiteld "Immunogenetica studies in South African cattle breeds". Sy vernaamste bydrae was deur middel van die wetenskap- en bloedgroepnavorsing by diere. Deur sy metodes kon die verbetering van bees- en perderasse plaasvind. Dit is gedoen deur middel van vaderskap-klassifisering en registrasie van ras-egte beeste en perde.<sup>159</sup>

Hanna Herrmann<sup>160</sup> het navorsing op bye en hul heuning gedoen in die Suid-Vrystaat, op die plaas Poortjiesfontein in die distrik Edenburg. Sy het haarself byeboerdery aangeleer met die hulp van haar entomoloog seun. Sy was deel van 'n navorsingsprojek op plante wat bye besoek in die maak van heuning. Die navorsingsprojek het nege jaar geduur. Die gevolg van haar insameling van inligting, is dat drie nuwe tipes heuning ontdek is, asook hoe weeromstandighede die blom van sekere plante beïnvloed.<sup>161</sup>



**Figuur 72: Johanna Herrmann<sup>162</sup>**

<sup>158</sup> WPA, MO (2B), H.S. Kittel, (85), Krugersdorp, 2012.11.07, (NF28, CD: V-21,22).

<sup>159</sup> WPA, MO (1B), D.R. Osterhoff, (86), Muckleneuk, Pretoria, 2011.07.17, (NF11, CD: X-10),

<sup>160</sup> WPA, MO (1B), J. Herrmann, (79), Garsfontein, 2011.09.11, (NF6, CD: V-19).

<sup>161</sup> WPA, MO (1B), J. Herrmann, (79), Garsfontein, 2011.09.11, (NF6, nota; M. Johannsmeier, Hanna Herrmann en bye navorsing, Grasfontein, Pretoria, 2014.04.03).

<sup>162</sup> J. Herrmann, Rückblick auf ein Leben unter Gottes Gnade, zum 80 Geburtstag, (Ongepubliseerde memoires, Pretoria, 2012), p. 1.

Ulrich Bantz het 'n doktorsgraad in geologie in Duitsland gedoen, maar weens die beperkte moontlikhede in Duitsland besluit om na Suid-Afrika te immigrer. Hy was onder andere verantwoordelik vir die geologiese grondtoetse vir die Matla kragstasie, Sasol, Sasolburg en Secunda voor die aanlegte en die dorpe gebou is.<sup>163</sup>

Gerhard Albien is in Duitsland opgelei as swaarstroom-elektrisiën. Hy het vir jare by Yskor in Vanderbijlpark gewerk totdat hy op vervroegde pensioen gegaan het. Daarna het hy opleiding gegee aan 'n kollege wat ambagsmanne opgelei het.<sup>164</sup>

Lothar Neethling het die forensiese departement in die Suid-Afrikaanse Polisie diens gestig en ontwikkel tot een van die mees moderne forensiese instansies in die wêreld. Hy het twee doktorsgrade gehad. Die eerste doktorsgraad het hy in Kalifornië verwerf en die tweede deur die Universiteit van Pretoria. Hy was 'n generaal in die polisie diens.<sup>165</sup>

Leo Graf von Lüttichau het twee onontwikkelde plase in die Pietersburg/Polokwane-distrik tot moderne produktiewe plase ontwikkel.<sup>166</sup> Erik Leistner was 'n landbou-ekonomiese en professor aan Unisa en jare lank die hoof van die Afrika-Instituut.<sup>167</sup> Eberhardt Giesler was 'n passie en draaier en het 'n tegnologiese bydrae gemaak.<sup>168</sup>

In 1975 is Anoniem versoek om aan te sluit by die nuut gestigte Navorsingseenheid vir Militêre Intelligensie (NEMI). Die eenheid se doel was om akademiese betrokke te kry by die aanslag teen Suid-Afrika. Die akademiese het range ontvang volgens status en ouderdom. Anoniem het die rang van kaptein ontvang en later dié van majoor. Hulle het burgermag georiënteerde militêre opleiding ontvang. Anoniem se opdrag was om handleidings saam te stel oor Zimbabwe en Lesotho, oor hul ekonomieë, industrieë en infrastruktuur.<sup>169</sup>

Harald Hamburger het, nadat hy sy doktorsgraad in landbou in die teel van diere in Duitsland verwerf het, na Suid-Afrika geïmmigreer. Nadat hy by die Departement van Landbou in Suid-Afrika in diens geneem is, het dit sy lewensopdrag geword om swart boere ten opsigte van hul vee te ontwikkel, binne, sowel as buite die grense van Suid-Afrika. Hy was betrokke by 'n projek vir die veredeling van die Nguni-beesras.<sup>170</sup> In die periode 1962-1963 het hy sy ontwikkelingswerk onderbreek en het hy Suid-Afrika in Duitsland verteenwoordig. Hy was deel van die stigting van die Duits-Suid-Afrikaanse Vriendekring, wat die *Bundesrepublik*, Oostenryk en Switserland ingesluit het. Hy was ook deel van die Duits-Suid-Afrikaanse

---

<sup>163</sup> WPA, MO (3B), H.U. Bantz, (75), Roodepoort, 2014.08.10, (NF64, CD: Z-7).

<sup>164</sup> WPA, MO (2B), G.K. Albien, (72), Vaalpark, Sasolburg, 2011.09.21, (NF37, CD: X-23).

<sup>165</sup> A. Jordaan, *Lothar Neethling: 'n Lewe vertel*, p. i.

<sup>166</sup> WPA, MO (2B), L.W.T. Graf von Lüttichau, (76), Groenkloof, Pretoria, 2011.01.01, (NF49, CD: X-2).

<sup>167</sup> WPA, MO (3B), E. Leistner, (87), Die Wilgers, Pretoria, 2013.07.01, (NF58, CD: Y-18).

<sup>168</sup> WPA, MO (3B), E. Giesler, foto vanaf *Facebook* verkry van Regina Wearne se webtuiste, 2015.07.02.

<sup>169</sup> WPA, Anoniem 2.

<sup>170</sup> H. Stäcker, (ed), *Geschichten, die das Leben schreibt*, p. 91.

kultuurverdrag wat tussen Duitsland en Suid-Afrika in 1962 in Kaapstad onderteken is.<sup>171</sup> Hy was iemand wat graag gereis het en het op konferensies regoor die wêreld gepraat, 'n transnasionale brugbouer tussen Suid-Afrika, Duitsland, Afrika en die wêreld.<sup>172</sup>



**Figuur 73: Eberhardt Giesler by sy draaibank in die 1960's<sup>173</sup>**

Werner Schleich was 'n fotograaf van beroep asook 'n intrepneur. Hy het gevorderde tegnologiese toerusting ingevoer uit Duitsland en foto's en x-straal foto's kon deur sy firma in Johannesburg binne drie dae voltooi word, iets buitengewoon vir sy tyd, in die middel van die twintigste eeu.<sup>174</sup>

Eric Friedland is 'n professor in kernfisika aan die Universiteit van Pretoria en was ook hoof van die Departement Fisika. Gedurende sy loopbaan het hy hegte bande met universiteite in Duitsland behou. Hy het onder andere die Universiteit van Pretoria Medalje vir Akademiese Voortreflikheid (1992) gekry, die

<sup>171</sup> H. Stäcker, (ed), *Geschichten, die das Leben schreibt*, p. 94.

<sup>172</sup> H. Stäcker, (ed), *Geschichten, die das Leben schreibt*, pp. 91-94.

<sup>173</sup> WPA, MO (3B), E. Giesler, foto vanaf Facebook verkry van Regina Wearne se webtuiste, 2015.07.02.

<sup>174</sup> WPA, MO (3B), W.H. Schleich, (79), Randburg, 2014.01.11, (NF67, CD: Y-24).

“*Bundesverdienstkreuz am Bande*” (1998) van die Duitse regering en in 2008 die Universiteit van Pretoria se Eeu Navorsing Toekenning.<sup>175</sup>



**Figuur 74: Prof. Eric Friedland se *Bundesverdienstkreuz* – medalje<sup>176</sup>**

Eric Sittig, opgelei as ’n tuinboukundige, was betrokke by die projek om die Engelse komkommer in Suid-Afrika bekend te stel, nadat hy in 1963 die bestuurder op die plaas, Meerhof naby Hartebeespoort geword het.<sup>177</sup> Voor dit was daar net die Boere komkommer met sy harde skil, wat eers afgeskil moes word voordat dit geëet kon word. Die Engelse komkommer het die Suid-Afrikaanse kombuis verander en die meeste mense koop vandag net die Engelse komkommer.<sup>178</sup>

Klaus Leschner het in 1952 na Suid-Afrika geïmmigreer. Van beroep was hy ’n motorwerktuigkundige. Hy het werk gekry by die Randfontein Goudmyn en hy onthou dat hulle die mees moderne toerusting van daardie tyd gehad het. ’n Honderd pond kompressor en sewe “jackhammers”, ’n “koloder” en ’n meganiese skopgraaf. In dié tyd was daar ook groot aantal Nederlanders wat Indonesië moes verlaat toe die land onafhanklik geword het. Op die myn was daar toe ’n Duitse, Nederlandse en Boerespan wat teen mekaar gewedywer het om die meeste gouddraende rots te

<sup>175</sup> WPA, MO (4B), E.K.H. Friedland, (81), Lynnwood Manor, Pretoria, 2014.10.04, (NF81, slegs notas; Curriculum vitae: Prof. E.K.H. Friedland).

<sup>176</sup> WPA, Verhandelingfoto’s, H.W. Wehrmeyer, Lynwoodrif, Pretoria, 2014.10.04.

<sup>177</sup> Anon., A profile on a Gemcor customer: Focus on Mr Erich Sittig, Gemcontact (1)1, (Promedia, Lynwoodrif, Pretoria, ca.1990).

<sup>178</sup> WPA, MO (3B), E. Sittig, (82), Hartebeespoort, 2013.05.05, (NF54, CD: Y-14).

myn elke maand. Leschner het vertel dat “Naturally we crazy Germans had to win.” Die dinamiet het al hoe korter geword, sodat wanneer hulle weggehardloop het, die dinamiet so-te-sê reg agter hulle ontplof het, wat baie gevaarlik was.<sup>179</sup>

Omgekeerd het Duitsland baie gebaat by hoogs opgeleide vakmanne en personeel wat Suid-Afrika verlaat het nadat hulle gemarginaliseer is in die post-Apartheidtydperk. Veral Suid-Afrikaanse dokters word hoog aangeslaan in Duitsland. Die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) se doktorsgrade word in Duitsland erken en 'n aantal Duitsers, veral in teologie doen hul doktorsgrade deur Unisa.<sup>180</sup>

Van die belangrikste impulse wat Suid-Afrika met Duitsland vervleg, is dié van Nelson Mandela as ikoniese figuur en die hele verandering van Apartheid na 'n vrye demokratiese bestel in Suid-Afrika. Die gees van vrede waarin die omwentelinge plaasgevind het en dat dit sonder geweld plaasgevind het, het die Duitsers beïndruk. Michael Cassidy, wat een van die leidende figure in die vreedsame oorgang was, word in Duitsland erken vir sy bydrae. Cassidy en Buthelezi, hoof van die Inkatha Party, was uitgenooi om die Duitse parlement toe te spreek oor die gebeure in Suid-Afrika.<sup>181</sup>

## Slotsom

Die Afrikaanse spreekwoord lui: “In die land van die blindes is die eenoog koning,” en dit was baie waar vir 'n groot aantal Duitse immigrante. Sommige het met basiese kwalifikasies na Suid-Afrika toe gekom asook met kennis, wat in Duitsland as normaal en as standaard gesien was, in 'n tegniese en wetenskaplik ontwikkelende samelewing. Aan hierdie vaardighede en kennis het Suid-Afrika 'n tekort gehad en dit het die immigrante dadelik leiers gemaak. Met hul hoë werksetiek het hulle hoër hoogtes bereik en al hoe meer welvarend geword, meer as wat hulle in Duitsland sou wees. Generaal Lothar Neethling, gebore Tietz, het met sy terugkeer in 1962 van Kalifornië, nadat hy sy eerste doktorsgraad in Amerika verwerf het, sy moeder se suster Anna, in Lauenburg besoek. Hy het ook van sy vriende van die oorlogtyd af in die dorpie ontmoet. Hulle het gewerk as gewone mense, met geen besondere uitsig van enige moontlikheid om hoër hoogtes te bereik nie omdat die geleentheid so beperk was in Duitsland. In Suid-Afrika was die grond braak en die geleentheid legio vir iemand wat bereid was om te werk.<sup>182</sup>

## Die toekoms van die Duitse identiteit in Suid-Afrika

In die een en twintigste eeu het slegs onbeduidende getalle Duitsers na Suid-Afrika geïmmigreer, wat glad nie vergelyk kan word met die duisende wat na die oorlog

<sup>179</sup> WPA, MO (2B), K. Leschner, (83), Fairlands, Randburg, 2013.07.20, (NF59, CD: Y-19).

<sup>180</sup> WPA, MO (2B), M, Frische, (62), Garsfontein, Pretoria, 2012.04.30, (NF36, CD: T-6).

<sup>181</sup> WPA, MO (2B), M, Frische, (62), Garsfontein, Pretoria, 2012.04.30, (NF36, CD: T-6).

<sup>182</sup> A. Jordaan, *Lothar Neethling: 'n Lewe vertel*, p. 3.

geïmmigreer het nie. Suid-Afrikaners woon nie net in 'n reënboognasie nie, maar almal woon in 'n reënboogwêreld omdat globalisering 'n voldonge feit is. Martin Frische was in 2012 van mening dat die Duitsers in Suid-Afrika as 'n homogene groep waarskynlik nog ongeveer 15 tot 25 jaar sou bestaan. Soos die opkomende generasie trou buite hul eie kultuurverband, sal hulle hulself moet oor-identifiseer oor wie hulle is, of wat hulle wil wees.<sup>183</sup>

Stäcker se leuse oor die toekoms is:

*Tempora mutantur et nos mutamur in illis – die Zeiten ändern sich und wir uns mit ihnen, das wüssten die Lateiner schon.*<sup>184</sup>

Die tye verander en ons verander ook, dus moet ons, ook die Duitse immigrant, ons aanpas by ons omstandighede.

Gisela Kahler, gebore von Hennenberg, het in 'n brief aan haar vriende, Rosemarie en Hans-Carl Koch in Duitsland, geskryf dat sy gelewe het in 'n wonderlike land, Suid-Afrika. Sy het die sonskyn, die natuur en die diere geniet en het gevoel die land het alles waarvoor 'n mens kan wens, maar *immer bricht die Sehnsucht nach der Heimat durch*, maar altyd, kom daar weer die verlange na die *heimat*. Hierteenoor, so vertel Gisela van haar vriendin, Rita,<sup>185</sup> wat gebore is van Duitse ouers in Suid-Afrika, dat sy nie graag in Duitsland wou gaan woon nie.<sup>186</sup> Die Duitse immigrante wat as tweede generasie Duitsers ten opsigte van die oorlog na Suid-Afrika gekom het, het nog heimweë, maar dié wat hier gebore is, is lief vir Suid-Afrika en het dit hul *heimat* gemaak.

## Samevatting

Samevattend kan verklaar word dat die proses van assimilasië en integrasie nog steeds op verskillende mates van intensiteit aanwesig is by die transnasionale immigrant waar transnasionaliteit die hoofrol speel en 'n leidende impak het.<sup>187</sup>

Duitse immigrante het gepoog om nie hul nasionale identiteit te verloor nie en die eerste geslag Duitse immigrante was in 'n mate suksesvol. Hulle het gepoog om

---

<sup>183</sup> WPA, MO (2B), M, Frische, (62), Garsfontein, Pretoria, 2012.04.30, (NF36, CD: T-6).

<sup>184</sup> WPA, MO (2B), H. Stäcker (85), Brauhaus am Dam, Rustenburg, 2013.12.01, (NF47, CD: W-17).

<sup>185</sup> Familiënaam onbekend.

<sup>186</sup> WPA, G. Kahler, *Erinnerungen von Gisela Kahler, gebore Von Hennenberg, 1925-2014*, (Ongepubliseerde memoires, Pretoria, 2014), p. 24.

<sup>187</sup> T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p.102.

transkultureel te word in hierdie proses het hulle tog 'n transnasionaaliteit verkry en het hulle verander om Duits-Suid-Afrikaans te word.<sup>188</sup>

Prof. Dietrich Osterhoff het die gedig, *Klagen des Immigranten*,<sup>189</sup> “Die klaery van die Duitse immigrant”, geskryf en beskryf die ervaring en belewenisse van 'n Duitse immigrant in die tweede helfte van die twintigste eeu. Hier volg 'n opsomming van die lang gedig en 'n paar aanhangsels uit die gedig.

Die immigrant het in Suid-Afrika aangekom. Hy word onmiddellik met die konserwatiewe moraliteit van die land gekonfronteer. Polities weet hy nie heeltemal waar hy inpas nie. By sy werk is dinge en hoe dit gedoen word, anders as in Duitsland.

Die immigrant het gearriveer.

Gou word sy pornografiese tydskrif gekonfiskeer.

Dis maar net die begin van sy sorge.

Baie probleme sal hom in sy toekoms nog begelei.

Hy is beslis polities regs georiënteerd.

Nou, hier word hy duidelik in 'n linkse rigting gedruk.

Warm klimaat verg aanpassing. Al die swart gesigte is oorweldigend. Skielik is hy in 'n heterogene samelewing waar daar Boere, Engelse, Grieke, Indiërs, Kleuringe en Chinese is. Hy mis sy Duitse kultuur en bier.

Daar is tog so baie Swartes in die land.

Oral waar mens gaan, is hulle te sien.

Die Boere kan mens nie verstaan nie.

Die Engelse kan mens nie verdra nie.

In sy kamer, wat afgesonderd en karig gemeubileerd is, voel hy eensaam en vlug dan na die Duitse Klub waar hy sy landgenote raakloop en saam met hulle kuier en kla.

Daar in sy ongemeubileerde kamer.

---

<sup>188</sup> Kyk D. Hoerder, “Losing national identity or gaining transcultural competence: changing approaches in migration history”, in H.G. Haupt & J. Kocka (eds.), *Comparative and transnational history*, (Berghahn Books, New York, 2009), p. 258.

<sup>189</sup> D.R. Osterhoff, *Memoiren*, (s.n., Pretoria, 2010), pp. 90-92.

Nou word dit tyd om vinnig te besluit.

Om die Duitse klub op te soek, waar hy sy eie volksgenote kan vind.

Maar daar word nou regtig eers gekerm en gekla.

Hy vergelyk Suid-Afrikaans bier met dié van Oos-Duitsland, wat nie van 'n goeie kwaliteit is nie.

Die Castle en Krone bier, smaak soos die bier uit Oos-Duitsland.

Dinge is vir hom moeilik aanvaarbaar, maar hy bly maar in die land en besef die beste ding om te doen, is om sy gesindheid te verander.

En tog bly hy in Suid-Afrika, ten spyte van alles.

Die les uit die verhaal is:

Dit help nie om te kla nie.

Mens kom verseker in die lewe ook verder.

Wanneer mens dit vrolik benader.

.